HVM
REGISTERED ACCOUNTANTS

# BELASTINGGIDS

2025 | 2026

HVM
REGISTERED ACCOUNTANTS

Octo Place A5, Elektronstraat,
Techno Park, Stellenbosch 7600

Posbus 658, Stellenbosch, 7599

021 880 1994
info@hvm.cc

**V. Badenhorst**
GR (S.A.), (Hons) B.Acc.
082 786 2392 | vermeulen@hvm.cc

**C. Niemand**
PR (S.A.) BCompt (Unisa)
061 499 3736 | christa@hvm.cc

**J. van Dyk**
GR (S.A.), PGD (Rekeningkunde)
072 905 4210 | janneke@hvm.cc

**www.hvm.cc**

# INHOUD


Aftrekkings . . . . . 10
– Bydraes tot pensioen-, voorsorg- en uittredingannuïteitsfondse . . . . . 10
– Mediesekostes . . . . . 10
Aftrekkings: Diverse . . . . . 47
– Handelsbeperking . . . . . 47
– Rente . . . . . 47
– Voorbedryfsonkostes . . . . . 47
– Navorsing en ontwikkeling . . . . . 47
Begrotingsoorsig 2025/2026 . . . . . 2
Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) . . . . . 30
– Kern-eienskappe van BTW . . . . . 30
Belastingskale Natuurlike Persoon . . . . . 4
Belastingspertye 2025/2026 . . . . . 51
– Inkomstebelastingopgawes . . . . . 51
– Voorlopige belasting . . . . . 51
– Belasting op toegevoegde waarde . . . . . 52
– Werknemersbelastingopgawes . . . . . 52
Bewaring van Rekords . . . . . 59
Boedelbelasting . . . . . 42
– Eksekuteursvergoeding . . . . . 42
Boerdery Inkomste . . . . . 27
– Waardasie van lewende hawe en produkte . . . . . 27
– Kapitaalontwikkelingsuitgawes . . . . . 27
– Slytasietoelae . . . . . 27
– Gemiddelde belasting (nivellering) . . . . . 27
Boetes: Administratiewe Nie-nakoming . . . . . 55
– Vastebedragboetes . . . . . 55
– Persentasiegebaseerde boetes . . . . . 56
– Onderstellingsboetes . . . . . 56
Byvoordele . . . . . 6
– Reistoelae vir die belastingjaar geëindig 2026 . . . . . 6
– Gebruik van 'n maatskappymotor . . . . . 7
– Verblyftoelaes en voorskotte . . . . . 8
– Residensiële huisvesting . . . . . 8
– Lae koste behuising . . . . . 9
– Rentevrye of lae rentedraende lenings . . . . . 9
– Beurse . . . . . 9
– Mediesefonds bydraes . . . . . 9
Dispuut Resolusie (ADR) . . . . . 58
Diverse Belasting . . . . . 48
– Belasting op oordrag van sekuriteite . . . . . 48
– Vaardigheidsontwikkelingsheffing . . . . . 48
– Werkloosheidsversekeringsheffing . . . . . 48
Dividendbelasting . . . . . 26
Hereregte op Vaste Eiendom . . . . . 50
Huis Kantoor . . . . . 11
– Werknemers: . . . . . 11
– Onafhanklike kontrakteurs: . . . . . 11
Indiensname Belastingaansporing . . . . . 48
Inwoner Gebaseerde Belasting . . . . . 35
– Definisie van 'n inwoner . . . . . 35
– Beheerde buitelandse maatskappy (BBM) . . . . . 35
– Buitelandse dividende . . . . . 36
– Belastingkrediete . . . . . 36
IRP 5 Kodes . . . . . 53
Kapitaal Aansporingstoelaes . . . . . 33
Kapitaalwinsbelasting (KWB) . . . . . 28
– Persone onderworpe aan KWB . . . . . 28
– Uitsluitings . . . . . 28
– Berekening en insluitingskoerse . . . . . 28
– Terughoubelasting – vooruitbetaling KWB . . . . . 29
Kleinsakekorporasies . . . . . 23
Koolstofbelasting . . . . . 44
Krypto Bates . . . . . 44
Leerlingooreenkoms Toelaes . . . . . 50
Maatskappy Normale Belasting . . . . . 20
Notas . . . . . 64
Omheining van Verliese . . . . . 45
– Vloeikaart vir die toepassing van die omheiningsbepalings . . . . . 46
Omsetbelasting vir Mikrobesighede . . . . . 24
Openbare Weldaadsorganisasies (OWO) . . . . . 25
Rentekoerse . . . . . 63
Skenkingsbelasting . . . . . 43
– Basiese vrystellings . . . . . 43
– Koerse . . . . . 43
Slytasietoelaes . . . . . 61
Terughoubelasting – Finaal . . . . . 29
Trusts . . . . . 21
– Belastingkoerse . . . . . 21
– Rentevrye en lae rentekoers lenings aan 'n trust . . . . . 21
– Ander teen vermydingsmaatreëls . . . . . 22
Twee Komponent Aftreefondsstelsel . . . . . 12
– Gevestigde Komponent . . . . . 12
– Spaar Komponent . . . . . 12
– Aftree Komponent . . . . . 12
– Aftreefonds Enkelbedrae Voordele . . . . . 13
Valutabeheer op Inwoners . . . . . 41
– Buitelandse beleggings . . . . . 41
– Diskresionêre toelae . . . . . 41
– Studietoelae . . . . . 41
– Emigrasie beperkings . . . . . 41
Valutabeheer op Nie-inwoners . . . . . 37
– Finansiële bystand verleen in Suid-Afrika . . . . . 37
– Lenings vanaf nie-inwoner aandeelhouers aan inwoners . . . . . 37
– Kapitaaltransaksies . . . . . 38
– Dividende betaal aan nie-inwoners . . . . . 38
– Direkteursfooie betaal aan nie-inwoners . . . . . 38
– Beëindiging van inwonerskap . . . . . 38
– Fisiese teenwoordigheidstoets vir 'n persoon wat nie gewoonlik woonagtig is nie . . . . . 39
– Gemiddelde wisselkoerse vir 'n jaar van aanslag . . . . . 40
Verbonde Persoon Definisie Vir Inkomstebelasting . . . . . 31
– Illustrasie vir die bepaling van persone wat familielede is binne die derde graad van bloedverwantskap . . . . . 32
Vergelykende Belastingkoerse . . . . . 3
Voorlopige Belasting . . . . . 14
Werknemersbelasting (LBS) . . . . . 15
– Algemeen . . . . . 15
– Die werknemer word gedefinieer as 'n persoon wat: . . . . . 16
– Gemene reg dominante indruk-toets tabel . . . . . 17
– Persoonlike diensverskaffers vloeidiagram . . . . . 19

## BEGROTINGSOORSIG 2025/2026

- BTW
  - Die Wes-Kaapse Hooggeregshof het 'n bepalende uitspraak rakende BTW in Suid Afrika gelewer. Die uitspraak het die voorgestelde BTW verhoging wat op 1 Mei 2025 sou plaasvind, opgeskort. Hierdie uitspraak bring landswyd verligting aan verbruikers en besighede, en verseker dat BTW nie verhoog mag word sonder volle wetgewende toesig nie
- Persoonlike Inkomstebelasting
  - Persoonlike inkomstebelasting kortings en tabelle bly onveranderd.
- Mediese belastingkrediete
  - Geen verandering aan die mediese belastingkrediete nie.
- Aksynsheffings
  - Heffings op alkohol produkte word verhoog met 6.75%, terwyl tabak produkte met tussen 4.75% en 6.75% verhoog word.
- Brandstof-en Padongelukkefondsheffings
  - Om 'n gedeelte van die verlore inkomste weens die terugtrek van die BTW-koers verhoging te vervang, stel die regering 'n inflasie-verwante verhoging in die algemene brandstofheffing voor. Die petrolheffing word verhoog tot R4.01c/ℓ en die dieselheffing tot R3.85c/ℓ.
- Hernubare energietoelaag
  - Die 125% hernubare energie bate toelaag is nie verleng nie en die einddatum van die toelaag is steeds 28 Februarie 2025.
- Indiensname belastingaansporing
  - Effektief 1 April 2025 word die formule vir die berekening van die aansporing en die toepaslike inkomsteskale aangepas sodat die maksimum bedrag van die aansporing R1 500 per maand vir die eerste 12 maande en R750 per maand vir die tweede 12 maande sal bly.
- Diesel rebatte
  - Effektief 1 April 2026 sal boerdery, mynbou en bosbou besighede kwalifiseer vir diesel rebatte op al hul kwalifiserende diesel aankope (tans 80%).
- Hereregte
  - Die hereregte tabel is met 10% aangepas om vir inflasie voorsiening te maak.

## VERGELYKENDE BELASTINGKOERSE

| CATEGORY | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|
| NATUURLIKE PERSONE | | | |
| ■ Maksimum marginale koers | 45% | 45% | 45% |
| ■ Bereik by 'n belasbare inkomste van | 1 817 000 | 1 817 000 | 1 817 000 |
| ■ Minimum marginale koers | 18% | 18% | 18% |
| ■ Tot en met 'n belasbare inkomste van | 237 100 | 237 100 | 237 100 |
| ■ KWB insluitingskoers | 40% | 40% | 40% |
| REGSPERSONE | | | |
| ■ Normale belastingkoers | 27% | 27% | 27% |
| ■ Dividendbelasting koers | 20% | 20% | 20% |
| ■ KWB insluitingskoers | 80% | 80% | 80% |
| TRUSTS | | | |
| ■ Vastekoers | 45% | 45% | 45% |
| ■ KWB insluitingskoers | 80% | 80% | 80% |
| SKENKINGSBELASTING | | | |
| ■ Eerste R30m kumulatiewe skenkings | 20% | 20% | 20% |
| ■ Kumulatiewe skenkings bo R30m | 25% | 25% | 25% |
| BOEDELBELASTING | | | |
| ■ Belasbare boedel tot R30m | 20% | 20% | 20% |
| ■ Belasbare boedel bo R30m | 25% | 25% | 25% |
| BTW | 15% | 15% | 15% |
| KLEINSAKE KORPORASIES | | | |
| ■ Maksimum grenskoers | 27% | 27% | 27% |
| ■ Bereik teen belasbare inkomste | 550 000 | 550 000 | 550 000 |
| ■ Minimum koers | 0% | 0% | 0% |
| ■ Tot 'n belasbare inkomste van | 95 750 | 95 750 | 95 750 |

## BELASTINGSKALE NATUURLIKE PERSOON: 28 FEBRUARIE 2026

| BELASBARE INKOMSTE | BELASTINGKOERSE |
|---|---|
| R0 – R237 100 | + 18% van elke R1 |
| R237 101 – R370 500 | R42 678 + 26% van die bedrag meer as R237 100 |
| R370 501 – R512 800 | R77 362 + 31% van die bedrag meer as R370 500 |
| R512 801 – R673 000 | R121 475 + 36% van die bedrag meer as R512 800 |
| R673 001 – R857 900 | R179 147 + 39% van die bedrag meer as R673 000 |
| R857 901 – R1 817 000 | R251 258 + 41% van die bedrag meer as R857 900 |
| R1 817 001 en meer | R644 489 + 45% van die bedrag meer as R1 817 000 |

## BELASTINGSKALE NATUURLIKE PERSOON: 28 FEBRUARIE 2025

| BELASBARE INKOMSTE | BELASTINGKOERSE |
|---|---|
| R0 – R237 100 | + 18% van elke R1 |
| R237 101 – R370 500 | R42 678 + 26% van die bedrag meer as R237 100 |
| R370 501 – R512 800 | R77 362 + 31% van die bedrag meer as R370 500 |
| R512 801 – R673 000 | R121 475 + 36% van die bedrag meer as R512 800 |
| R673 001 – R857 900 | R179 147 + 39% van die bedrag meer as R673 000 |
| R857 901 – R1 817 000 | R251 258 + 41% van die bedrag meer as R857 900 |
| R1 817 001 en meer | R644 489 + 45% van die bedrag meer as R1 817 000 |

## BELASTINGSKALE NATUURLIKE PERSOON: 29 FEBRUARIE 2024

| BELASBARE INKOMSTE | BELASTINGKOERSE |
|---|---|
| R0 – R237 100 | + 18% van elke R1 |
| R237 101 – R370 500 | R42 678 + 26% van die bedrag meer as R237 100 |
| R370 501 – R512 800 | R77 362 + 31% van die bedrag meer as R370 500 |
| R512 801 – R673 000 | R121 475 + 36% van die bedrag meer as R512 800 |
| R673 001 – R857 900 | R179 147 + 39% van die bedrag meer as R673 000 |
| R857 901 – R1 817 000 | R251 258 + 41% van die bedrag meer as R857 900 |
| R1 817 001 en meer | R644 489 + 45% van die bedrag meer as R1 817 000 |

| Kortings: Natuurlike persone | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|
| Primêre Korting | R17 235 | R17 235 | R17 235 |
| Sekondêre Korting (persone 65 jaar en ouer) | R9 444 | R9 444 | R9 444 |
| Tersiêre Korting (persone 75 jaar en ouer) | R3 145 | R3 145 | R3 145 |

| Belastingdrempels: Natuurlike persone | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|
| Natuurlike Persone jonger as 65 | R95 750 | R95 750 | R95 750 |
| Natuurlike Persone tussen 65 en 75 | R148 217 | R148 217 | R148 217 |
| Natuurlike Persone 75 en ouer | R165 689 | R165 689 | R165 689 |

| Rente vrystelling: Natuurlike persone | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|
| Persone jonger as 65 | R23 800 | R23 800 | R23 800 |
| Persone 65 en ouer | R34 500 | R34 500 | R34 500 |

## Reistoelae vir die belastingjaar geëindig 2026

Wanneer 'n reistoelaag ontvang word, kan die aftrekbare reiskoste vasgestel word d.m.v. die volgende twee metodes:

- Gebruik werklike besigheids kostes (Die waarde van die voertuig word beperk tot R800 000 vir berekeninge van slytasie en rente terwyl slytasie oor 'n periode van 7 jaar bereken mag word. Voertuie op bruikhuur se paaiemente per jaar word beperk tot die vaste koste komponent in die tabel), of
- Gebruik 'n geagte koste per kilometer soos per onderstaande tabel:

| WAARDE VAN DIE VOERTUIG (Insluitende BTW) R | VASTE KOSTE R p.j. | BRANDSTOF KOSTE s/km | ONDERHOUDS KOSTE s/km |
|---|---|---|---|
| 0 – 100 000 | 33,940 | 146.7 | 47.4 |
| 100 001 – 200 000 | 60,688 | 163.8 | 59.3 |
| 200 001 – 300 000 | 87,497 | 177.9 | 65.4 |
| 300 001 – 400 000 | 111,273 | 191.4 | 71.4 |
| 400 001 – 500 000 | 135,048 | 204.8 | 83.9 |
| 500 001 – 600 000 | 159,934 | 234.9 | 98.5 |
| 600 001 – 700 000 | 184,867 | 238.9 | 110.5 |
| 700 001 – 800 000 | 211,121 | 242.9 | 122.5 |
| groter as 800 000 | 211,121 | 242.9 | 122.5 |

**Nota:** Die vaste koste moet pro-rata verminder word indien die voertuig nie vir 'n volle jaar vir besigheidsdoeleindes gebruik is nie.

Die ware afstand gereis gedurende die jaar van aanslag en die besigheidsritte bevestig by wyse van 'n ritboek, word gebruik om die koste te bereken wat geëis kan word teen 'n reistoelaag.

Werknemersbelasting word bereken op 80% van die reistoelaag. Indien die werknemer die voertuig vir minstens 80% van die tyd vir besigheidsdoeleindes gebruik, mag werknemersbelasting baseer word op 20% van die reistoelaag.

Indien aan die volgende kriteria voldoen word, is geen werknemersbelasting betaalbaar op ’n vergoedende reistoelaag ontvang deur ’n werknemer:

| Beskrywing | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|
| Maksimum afstand gereis vir besigheidsdoeleindes per jaar: | onbeperk | onbeperk | onbeperk |
| Maksimum tarief per kilometer betaal (sent): | 464 | 484 | 476 |

Hierdie alternatief is nie beskikbaar indien ander vergoeding ontvang (behalwe parkeergelde of tolgelde) word van die werkgewer vir die gebruik van die voertuig nie. In so ’n geval is die vergoedende reistoelaag belasbaar en ’n reiskoste kan geëis word soos vir ’n normale reistoelaag.

## Gebruik van ’n maatskappymotor

Wanneer ’n werknemer die reg van gebruik van ’n maatskappymotor verkry, geld die volgende bepalings:

- Indien die motor besit word deur die werkgewer, word die maandelikse belasbare voordeel met gebruik van ’n maatskappymotor bereken as 3.5% van die vasgestelde waarde van die voertuig (Voertuie aangekoop voor 1 Maart 2016: Kontant koste ingesluit BTW; Voertuie aangekoop na 1 Maart 2016: Kleinhandel markwaarde). Waar die voertuig onderworpe is aan ’n diensplan word die maandelikse belasbare voordeel bereken as 3.25% van die vasgestelde waarde van die voertuig. Met aanslag word verdere verligting verskaf indien die volle koste ten opsigte van lisensie, versekering, instandhouding en brandstof deur die werknemer aangegaan is.
- Indien die werkgewer die motor huur, is die maandelikse belasbare voordeel met gebruik van ’n maatskappymotor gelykstaande aan die werklike koste aangegaan deur die werkgewer ten opsigte van die huur (m.a.w. die huurkoste en kostes verwant aan die huur) asook die brandstofkoste.
- 80% van hierdie belasbare byvoordeel moet by die werknemer se besoldiging ingesluit word vir berekening van die maandelikse werknemersbelasting. Die persentasie mag verminder word na 20% indien die werkgewer tevrede is dat die voertuig minstens 80% van die tyd vir besigheidsdoeleindes gebruik word.

- Met aanslag word die byvoordeel vir die jaar verminder tot die mate dat die werknemer vir besigheid gereis het. Hierdie vermindering word bereken deur die afstand gereis vir besigheid as persentasie van die totale afstand gereis, vas te stel (soos ondersteun deur 'n ritboek).

## Verblyftoelaes en voorskotte

Waar 'n voorskot of toelaag ontvang word deur 'n werknemer vir maaltye en toevallige onkostes, kan die werknemer die volgende kostes eis:

- Die bedrag werklik spandeer (beperk tot die toelaag of voorskot), of
- Vir 'n dagreis waar 'n werknemer nie 'n aand weg van sy normale woning spandeer nie, 'n bedrag wat nie R176 oorskry nie
- Die daagliks bedrae soos per onderstaande tabel kan slegs geeis word mits die werknemer verplig word om minstens een nag oor te slaap weg van sy/haar gewone woonplek. Wanneer hierdie geagte bedrae geeis word, hoef die werknemer nie bewyse te hou van die kostes aangegaan nie en geen werknemersbelasting is betaalbaar op die toelaag of voorskot nie.

| Koste | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|
| Maaltye en toevallige kostes in Suid-Afrika | R522 | R548 | R570 |
| Toevallige kostes in Suid-Afrika | R161 | R169 | R176 |
| Daaglikse bedrag vir kostes aangegaan buite Suid-Afrika | Soos per SARS webblad | | |

## Residensiële huisvesting

Die waarde van die byvoordeel word bereken op een van die volgende metodes, afhangend van spesifieke omstandighede:

- 'n Waarde bereken volgens 'n formule minus enige bedrag betaal deur die werknemer, of
- Die kleinste van 'n waarde bereken volgens 'n formule of die werklike koste aangegaan deur die werkgewer minus enige bedrag betaal deur die werknemer, of
- Waar vakansiehuisvesting verskaf word, die werklike koste aangegaan deur die werkgewer indien die huisvesting gehuur word. Indien die huis deur die werkgewer besit word, die huidige marktarief om die huis te verhuur.

## Lae koste behuising

Geen byvoordeel sal ontstaan indien ’n werknemer ’n huis vanaf ’n werkgewer verkry teen ’n diskonto (m.a.w. ’n bedrag laer as markwaarde) mits die volgende vereistes nagekom word:

- Die werknemer verdien nie ’n salaris van meer as R250 000 gedurende die jaar wat die huis verkry word
- Die markwaarde van die huis mag nie meer as R450 000 wees nie, en
- Die werknemer mag nie ’n verbonde persoon met betrekking tot die werkgewer wees nie

Rentevrye of lae rentekoers lenings minder as R450 000, wat bostaande lae koste behuising finansier, is uitgesluit van byvoordele.

## Rentevrye of lae rentedraende lenings

Die verskil tussen rente betaal teen die amptelike koers en die werklike rente betaal, moet ingesluit word by belasbare inkomste van die werknemer. Korttermyn lenings tot ’n waarde van R3 000 wat nie op ’n gereelde basis toegestaan word nie, is vrygestel van hierdie bepalings.

## Beurse

’n Beurs ontvang vanaf ’n werkgewer is belastingvry indien:

- Die beurs toegeken word aan ’n werknemer wat instem om die werkgewer te vergoed indien hy/sy nie sy/haar studies voltooi behalwe in gevalle van dood, swak gesondheid of beserings, of
- Die beurs toegeken word aan ’n familielid van ’n werknemer wat minder as R600 000 per jaar verdien. Die beurs in hierdie geval is beperk tot R20 000 (R30 000 vir gestremde familielid) vir graad R tot graad 12 en R60 000 (R90 000 vir gestremde familielid) vir verdere studies per familielid. Die beurs kan nie toegeken word saam met enige salarisprysgawe deur die werknemer nie

## Mediesefonds bydraes

Mediesefonds bydraes namens ’n werknemer gemaak verteenwoordig ’n byvoordeel. Gevolglik word die werknemer geag om hierdie bydraes self te betaal en mag dus ’n belastingkrediet eis.

## Bydraes tot pensioen-, voorsorg- en uittredingannuïteitsfondse

Sedert 1 Maart 2016 is die belastingaftrekking vir die drie verskillende fondse, pensioen-, voorsorg- en uittredingannuïteitsfondse dieselfde. Die aftrekking word beperk tot:

27,5% van die grootste van

Beperk tot R350 000 per jaar

‘belasbare inkomste’ voor die aftrekking van skenkings (uitsluitend enige enkelbedrag of skeidingspakket voordele)

‘besoldiging’ (uitsluitend enige enkelbedrag of skeidingspakket voordele)

Bostaande aftrekking is ook beperk tot belasbare inkomste voor hierdie aftrekking en voor enige belasbare kapitaalwins. Die aftrekking kan dus nie ’n vasgestelde verlies skep nie.

Bydraes wat nie as aftrekking toegelaat word in die huidige jaar van aanslag nie, word oorgedra na die daarop volgende jaar van aanslag. Bydraes deur werkgewers namens werknemers sal ’n belasbare byvoordeel in die hande van die werknemers wees. Die byvoordeel sal egter ook geag word om ’n bydrae gemaak deur die werknemer te wees en sal dus aftrekbaar wees in die hande van die werknemer onderworpe aan die bogenoemde beperking.

## Mediesekostes

Alle belastingpligtiges is geregtig op die volgende maandelikse belastingkrediet ten opsigte van mediesefondsbydraes gemaak vir hulself en hul afhanklikes:

| | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|
| Belastingpligtige | R364 | R364 | R364 |
| Eerste afhanklike | R364 | R364 | R364 |
| Per addisionele afhanklike | R246 | R246 | R246 |

Addisioneel tot bogenoemde is individuele belastingpligtiges ook geregtig op die volgende belastingkrediet:

- Indien die belastingpligtige 65 of ouer is of indien die belastingpligtige, sy gade of sy kind gestremd is: 33.3% van die waarde waarmee die mediesefondsbydraes 3 keer die maandelikse belastingkrediet vir mediesefondsbydraes oorskry plus alle kwalifiserende mediese uitgawes (uitgesluit mediesefondsbydraes)
- Ander belastingpligtiges: 25% van die bedrag waarmee die som van die volgende kostes, 7.5% van belasbare inkomste (uitgesluit enige enkelbedrae ontvang uit aftreëfondse of skeidingspakkette maar ingesluit belasbare kapitaalwins) voor hierdie aftrekking oorskry –
  - Kwalifiserende mediese uitgawes (uitgesluit mediesefondsbydraes), en
  - Mediesefondsbydraes wat 4 keer die maandelikse belastingkrediet vir mediesefondsbydraes oorskry

## HUIS KANTOOR

### Werknemers:

Om aftrekking te eis moet die huis kantoor paslik toegerus wees vir bedryfsdoeleindes en ook gereeld en uitsluitlik gebruik word vir daardie doel, en:

- vir besoldiging hoofsaaklik in die vorm van kommissie of soortgelyke veranderlike inkomste is, dan kan die huis kantooruitgawes as uitgawe geeis word indien die pligte van die werknemer hoofsaaklik op ’n plek weg van ’n kantoor voorsien deur die werkgewer, verskaf word, of
- vir besoldiging nie hoofsaaklik in die vorm van kommissie of soortgelyke veranderlike inkomste is nie, kan die huis kantooruitgawes geëis word indien die pligte van die werknemer hoofsaaklik in sodanige huis kantoor verrig word.

### Onafhanklike kontrakteurs:

Belastingpligtiges wat nie inkomste vanuit indiensneming verkry nie kan nie kapitale huis kantooruitgawes eis wat in die voortbrenging van inkomste aangegaan word. Private en huishoudelike uitgawes kan nie afgetrek word nie.

## TWEE KOMPONENT AFTREEFONDSSTELSEL

Die twee komponent aftreefondsstelsel het op 1 September 2024 in werking getree en bestaan uit die volgende komponente:

### Gevestigde Komponent

- Begin met die saldo van die aftreefondsvoordele soos op 31 Augustus 2024.
- Lede kan nie tot die Gevestigde Komponent bydrae na 31 Augustus 2024 nie (tensy die lid ouer as 55 was op 1 Maart 2021).
- Aanvangskapitaal bereken as die minste van 10% van die Gevestigde Komponent of R30 000, word oorgeplaas vanaf die Gevestigde Komponent na die Spaar Komponent.
- Enkelbedrag uitbetalings word belas teen die huidige Onttrekking of Aftrede tabelle
- Annuiteite word belas teen die marginale inkomstebelastingkoerse.

### Spaar Komponent

- Aanvangskapitaal vir die Spaar Komponent (maksimum R30 000).
- ’n Derde van die aftreefondsbydraes na 31 Augustus 2024 word na die Spaar Komponent geallokeer.
- Lede het toegang tot hul Spaar Komponent sonder enige voorwaardes, maar kan slegs een onttrekking per 12 maande maak. Die minimum ontttrekkingsbedrag is R2 000.
- Onttrekkings word belas teen die marginale inkomstebelastingkoerse

### Aftree Komponent

- Twee-derdes van die aftreefondsbydraes na 31 Augustus 2024 word na die Aftree Komponent geallokeer.
- Geen onttrekkings uit die Aftree Komponent voor datum van aftrede.
- By aftrede word die totale Afree Komponent voordele by wyse van annuiteite betaal (insluitende lewende annuiteite).
- Annuiteite word belas teen die marginale inkomstebelastingkoerse.

## Aftreefonds Enkelbedrae Voordele

### Onttrekking uit aftreefondse

| VOORDEEL | BELASTINGKOERSE |
|---|---|
| R0 – R27 500 | 0% van voordeel |
| R27 501 – R726 000 | 18% van voordeel bo R27 500 |
| R726 001 – R1 089 000 | R125 730 + 27% van voordeel bo R726 000 |
| R1 089 001 en meer | R223 740 + 36% van voordeel bo R1 089 000 |

- belasting volgens die belastingtabelle op die som van uittreefonds enkelbedragonttrekkings voordele toegeval van Maart 2009, uittreefonds enkelbedragvoordele toegeval van Oktober 2007 en skeidingspakket voordele ontvang vanaf 1 Maart 2011, min
- belasting volgens die belastingtabelle op die totaal van alle voordele hierbo genoem uitgesluit enkelbedragonttrekkings ontvang gedurende die jaar

### Uittreefondse of skeidingspakette

| VOORDEEL | BELASTINGKOERSE |
|---|---|
| R0 – R550 000 | 0% van voordeel |
| R550 001 – R770 000 | 18% van voordeel bo R550 000 |
| R770 001 – R1 155 000 | R39 600 + 27% van voordeel bo R770 000 |
| R1 155 001 en meer | R143 550 + 36% van voordeel bo R1 155 000 |

- belasting volgens die belastingtabelle op uittreefonds enkelbedragonttrekkings voordele ontvang van Maart 2009, uittreefonds enkelbedragvoordele ontvang van Oktober 2007 en skeidingspakket voordele ontvang vanaf 1 Maart 2011, min
- belasting volgens die belastingtabelle op die totaal van alle voordele hierbo genoem uitgesluit enkelbedragvoordele ontvang uit aftreefondse of skeidingspakette gedurende die jaar

## VOORLOPIGE BELASTING

Voorlopige belasting is betaalbaar deur alle belastingpligtiges, behalwe natuurlike persone indien:

- Daardie persoon nie 'n besigheid bedryf nie, en
- Nie belasbare inkomste verdien wat die belastingdrempel oorskry nie, of
- Nie belasbare rente, buitelandse dividende en huurinkomste van meer as R30 000 verdien nie, of
- Daardie besoldiging van 'n werkgewer ontvang wat geregistreer is vir werknemersbelasting.

### Eerste voorlopige betaling

Die eerste voorlopige betaling is betaalbaar ses maande voor die einde van die belastingjaar en word baseer op die basiese bedrag of 'n laer skatting goedgekeur deur SARS.

### Tweede voorlopige betaling

Die tweede voorlopige betaling is betaalbaar op die laaste dag van die belastingjaar. Hierdie betaling moet baseer word op 'n raming soos volg:

- Belasbare inkomste minder as R1 miljoen – die minste van die basiese bedrag of minstens 90% van die werklike belasbare inkomste, of
- Belasbare inkomste groter as R1 miljoen – minstens 80% van die werklike belasbare inkomste

### Derde voorlopige belastingbetaling

Die derde voorlopige belastingbetaling is betaalbaar ses maande na jaareinde. In die geval van belastingpligtiges met 'n Februarie jaareinde is die derde voorlopige belastingbetaling egter eers betaalbaar einde September.

### Basiese bedrag

Die basiese bedrag verteenwoordig die belasbare inkomste (uitgesluit kapitaalwins en enkelbedragvoordele) van die laaste aanslag ontvang vanaf SARS minstens 14 dae voor indiening van die voorlopige belastingopgawe. Die belasbare inkomste word vermeerder met 8% per jaar indien die laaste aanslag t.o.v. van 'n jaar is wat meer as 18 maande gelede is.

# WERKNEMERSBELASTING (LBS)

## Algemeen

Enige werknemer se besoldiging is onderhewig aan maandelikse aftrekkings bekend as **LBS**. Besolding verteenwoordig salarisse, kommissie ens. asook spesifiek die volgende:


- 80% van 'n reistoelaag verminder na 20% indien die werkgewer tevrede is dat die werknemers minstens 80% van die tyd vir besigheid reis
- Die gedeelte van 'n vergoedende reistoelaag wat die belastingvrye limiet per kilometer oorskry
- Besoldiging betaal aan Arbeidsmakelaars en persoonlike diensverskaffers
- Jaargelde vanuit annuïteitsfondse
- Betalings aan persoonlike diensverskaffers (PDV's)

Sien PDV se vloeidiagram vir meer inligting rakende entiteite wat geag word om 'n PDV te wees. 'n PDV is onderworpe aan werknemersbelasting teen 'n koers van 27% indien dit 'n maatskappy is en 45% indien dit 'n trust is. Uitgawes wat deur 'n PDV aftrekbaar is word ook beperk.

Direkteure van maatskappy is onderhewig aan LBS op dieselfde basis as ander werknemers.

Deeltydse, tydelikse en toevallige werknemers is onderhewig aan LBS teen 'n vaste koers van 25%.

Ongereelde besoldiging, soos oortyd betalings, bonusse, kommissie, nagskof- en bystandtoelae of terugbetaling van enige uitgawes aangegaan val slegs aan die werknemer toe wanneer dit betaal is. Die werkgewer word ook geag slegs die betaling aan te gegaan het op die datum van betaling van die veranderlike besoldiging. Onbetaalde besoldiging in die jaar van afsterwe word nie beskou as veranderlike besoldiging nie.



Die werknemer word gedefinieer as ’n persoon wat:
’n Natuurlike persoon is besoldiging ontvang
Besoldiging ontvang vanaf ’n ‘arbeidsmakelaar’
’n Persoonlike diensverskaffer
’n Arbeids-makelaar is
Inwoner van die RSA?
Geregistreer vir werknemers- en voorlopigebelasting doeleindes en is alle aanslae op datum?
Het die persoon drie of meer nie-verbonde werknemers in diens gehad vir die hele jaar?
Is enige van die volgende teenwoordig?
80% van bruto inkomste word vanaf een kliënt ontvang behalwe indien 3 of meer nie-verbonde werknemers gedurende die jaar in diens geneem was?
Verskaf die dienste van enige ander arbeidsmakelaar?
Verplig om dienste te lewer van ’n spesifieke werknemer?
Word die dienste wat gelewer hoofsaaklik op die perseel van die kliënt en is beheer of toesig teenwoordig?
Pas die tabel toe (sien volgende bladsy)
Pas die tabel toe (sien volgende bladsy)
Onafhanklike kontrakteur?
Onderworpe aan werknemers-belasting
Onafhanklike arbeidsmakelaar?
Nie onderworpe aan werknemers-belasting nie
Sleutel: Ja Nee

# Gemene reg dominante indruk-toets tabel

| | Aanwyser | Dui op werknemer status | Dui op onafhanklike kontrakteur status |
|---|---|---|---|
| **Byna oortuigend** | Beheer oor werkswyse | Werkgewer besluit (het die reg tot) watter gereedskap/toerusting of personeel of grondstowwe, of roetines, patente, tegnologie | Persoon besluit self watter gereedskap/ toerusting of personeel of grondstowwe, of roetines, patente, tegnologie |
| | Betalingsbedeling | Betaling gemaak deur koers { tyd spandeer, ongeag van die uitset of resultate | Betaling gemaak deur 'n koers { tyd, maar met verwyssing na resultate of deur betaling vir uitsette of "resultate in 'n spesifieke periode" |
| | Persoon wat die diens moet lewer | Persoon is verplig om die diens persoonlik te lewer, aanstellings en afdankings gebeur net met goedkeuring | Persoon, as werkgewer, is by magte om te delegeer, aanstellings en afdankings te doen of te subkontrakteur |
| | Aard van werks-verpligtinge | Persoon is verplig om by die werk te wees, selfs al is daar geen werk wat gedoen moet word nie. | Persoon is slegs teenwoordig en werksaam indien dit vereis word |
| | Werkgewer (kliënt) basis | Persoon verbind tot 'n eksklusiewe verhouding met een werkgewer (veral vanuit 'n onafhanklike besigheids-toets) | Persoon is vry om 'n veelvuldige gelyklopende kliëntebasis op te bou (veral indien gepoog word om 'n kliënte basis op te bou – deur middel van advertensies ens.) |
| | Risiko/Wins & Verlies | Werkgewer dra risiko (betaal ten spyte van swak prestasie/stadige markte) (veral vir 'n onafhanklike besigheids-toets) | Persoon dra risiko (slegte vakmanskap, prysstygings, oortollige tyd spandeer) |
| **Oorredende** | Instruksies/Toesig | Werkgewer gee opdrag rakende die plek, watter werk, volgorde van die werk, en het die reg om so te besluit | Persoon besluit self rakende eie werk en volgorde van werk. Word gebind deur kontrakterme en nie deur opdragte in terme van watter werk, waar ens. nie. |
| | Verslae | Beheer deur mondelingse/ geskrewe verslae | Persoon nie verplig om verslag te doen nie |
| | Opleiding | Werkgewer oefen beheer uit deur die opleiding van die persoon in die werkgewer se metodes | Werknemer gebruik/doen opleiding in eie metodes en tegnieke |
| | Produktiewe Tyd (Werksure, werksweek) | Beheer deur die werkgewer/ persoon – werk voltyds of grootliks voltyds | Op persoon se eie diskresie |

| | Aanwyser | Dui op werknemer status | Dui op onafhanklike kontrakteur status |
|---|---|---|---|
| **Relevant** | Gereedskap, materiaal, skryfbehoeftes ens. | Verskaf deur die werkgewer, geen kontraktuele vereiste dat persoon self voorsien nie | Kontraktueel/noodsaaklik verskaf deur 'n persoon |
| | Kantoor/werkswinkel, admin/sekretariële dienste ens. | Verskaf deur die werkgewer, geen kontraktuele vereiste dat persoon self voorsien nie | Kontraktueel/noodsaaklik verskaf deur 'n persoon |
| | Geintigreerde/Normale perseel | Werkgewer se normale besigheidsperseel | Persoon se eie/gehuurde perseel |
| | Geintigreerde/Normale sakebedrywighede | Persoon se diens is van kritieke belang/integrale deel van werkgewer se bedrywighede | Persoon se dienste is toevallig tot die persoon se besigheid en sukses daarvan |
| | Geintigreerde/Hiërargie & organogram | Persoon het 'n werksomskrywing en 'n posisie in die werkgewer se hiërargie | Persoon se benaming afhanklik van sy professie of ambag, het geen posisie in die hiërargie nie |
| | Duur van verhouding | 'n Oop/vaste termyn met opsie van hernuwing, eindig met die afsterwe van werker | Beperk, bindend tot resultaat, ongeag die afsterwe van 'n werker |
| | Risiko van beëindiging/ kontrakbreuk | Werkgewer kan met kennisgewing ontslaan, werknemer kan na willekeur bedank (WOBK kan beperk) | Kontrakbreuk indien voortydig beëindig. Persoon oortree indien die diens of produk nie gelewer nie. |
| | Beduidende belegging | Werkgewer finansier perseel, gereedskap, grondstowwe, opleiding, ens. | Persoon finansier perseel, gereedskap, grondstowwe, opleiding, ens. |
| | Werknemervoordele | Veral as ontwerp is om lojaliteit te beloon | Persoon kom nie in aanmerking vir voordele nie |
| | *Bona fide* uitgawes of statutêre nakoming | Geen besigheidsuitgawes, reisuitgawes en/of vergoeding vir uitgawes deur die werkgewer. Geregistreer by die handel/ professionele vereniging | Bokoste is ingebou in kontrakprys. Geregistreer onder belasting/ arbeidwetsgewing & met professionele liggaam |
| | Lewensvatbaarheid by beëindiging | Verplig om 'n personeel agentskap of arbeidsmakelaar te nader om nuwe werk te kry (veral vir 'n onafhanklike besigheidstoets) | Bly handel dryf en het ander kliënte. Was 'n arbeidsmakelaar of onafhanklike kontrakteur voor die huidige kontrak |
| | Industrie norme en gebruike | Waarskynlik dat persoon 'n werknemer is indien dit teenkanting bied teen onafhanklike lewensvatbaarheid | Bevorder onafhanklike lewensvatbaarheid. Waarskynlik dat die persoon dan 'n onafhanklike kontrakteur of arbeidsmakelaar is |

# Persoonlike diensverskaffers vloeidiagram



# MAATSKAPPY NORMALE BELASTING

**Inwoner maatskappye, Nie-inwoner maatskappye/Takke van buitelandse maatskappye en Persoonlike diensverskaffer maatskappye**

| Vir jare geeïndig: | Koers |
|---|---|
| Voor 31 Maart 2023 | 28% |
| Vanaf 31 Maart 2023 | 27% |

**Vasgestelde verliese van maatskappye**

Die vasgestelde verlies saldo van 'n maatskappy oorgedra van die vorige jaar van aanslag, wat afgespeel word teen die bedryfswins van die huidige jaar van aanslag, word beperk to die grootste van:

- R1 miljoen, of
- 80% van die belasbare inkomste voor die aftrekking van die vorige jaar se vasgestelde verlies.

Die bostaande beperking is nie van toepassing op maatskappye in die proses van likwidasie of deregistrasie nie.

**Gesamentlike belastingkoers van inwoner maatskappy (as 'n persentasie)**

| | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|
| Belasbare inkomste | 100.00 | 100.00 | 100.00 |
| Min: Normale belasting | 27.00 | 27.00 | 27.00 |
| Beskikbaar vir verdeling | 73.00 | 73.00 | 73.00 |
| Min: Dividend | 73.00 | 73.00 | 73.00 |
| Min: Dividendbelasting | 14.60 | 14.60 | 14.60 |
| Totale belasting | 41.60 | 41.60 | 41.60 |
| Gesamentlike koers | 41.60 | 41.60 | 41.60 |

**Nota:** Dividendbelasting is die aanspreeklikheid van die aandeelhouer, terwyl normale belasting die aanspreeklikheid van die maatskappy is.

## Belastingkoerse

Belastingkoerse van toepassing op trusts is soos volg:

| TIPE TRUST | INKOMSTEBELASTINGKOERSE | INSLUITINGSKOERS VIR KAPITAALWINSBELASTING |
|---|---|---|
| Normale Trust | 45% | 80% |
| Spesiale Trust | Dieselfde as die koerse van toepassing op natuurlike persone. Die kortings en rentevrystellings is egter nie van toepassing nie | 40% |

**Nota:** ’n Spesiale trust is ’n trust gestig uitsluitlik vir die voordeel van enige iemand wat gestremd is tot so ’n mate dat so ’n persoon nie in staat is om genoegsame inkomste te kan verdien vir sy/haar onderhoud en om hul eie sake te bestuur nie. ’n Spesiale trust kan ook gestig word by wyse van ’n testamentêre trust vir die voordeel van familielede van die oorledene. Die jongste van die begunstigdes moet op die laaste dag van die jaar van aanslag onder 18 jaar wees ten einde die trust te laat kwalifiseer as spesiale trust.

## Rentevrye en lae rentekoers lenings aan ’n trust

Met effek 1 Maart 2017 lenings gemaak aan ’n trust deur

- ’n natuurlike persoon, of
- in opdrag van daardie persoon, ’n maatskappy waarvan daardie persoon ’n verbonde persoon is en waar daardie persoon of maatskappy ’n verbonde persoon tot die trust is

is die verskil tussen the rente aangegaan deur die trust (indien enige, anders nul) en die rente wat die trust sou aangegaan het teen die amptelike rentekoers geag ’n voortdurende jaarlikse skenking vir die doeleindes van skenkingsbelasting gemaak deur die uitlener op die laaste dag van die jaar van aanslag van die trust te wees

Lenings gemaak deur 'n natuurlike persoon of maatskappy aan 'n ander maatskappy is ook onderhewig aan skenkingsbelasting op dieselfde basis indien 20% of meer van die aandele van die maatskappy direk of indirek deur 'n trust gehou word (of begunstigde van die trust of gade van die begunstigde). Voorkeuraandele uitgereik deur 'n maatskappy word ook geag lenings te wees.

Die volgende items word uitgesluit van die bostaande skenkingsbelasting:

- spesiale trusts wat gestig is vir die uitsluitlike voordeel van gestremde persone
- trusts wat openbare weldaadsorganisasies is
- gevestigede trusts (waar die gevestigde regte en bydraes van die begunstigdes duidelike vasgestel is)
- lenings aangewend deur 'n trust vir die befondsing van 'n primêre woning
- tot die mate wat lenings onderhewig is aan oordragprys bepalings
- lenings aan 'n trust in terme van die sharia finansieringreëlings, of
- lenings wat onderhewig is aan dividendbelasting
- lenings aan werknemer aandeelhouding trusts

Die uitlener kan die jaarlikse R100 000 vrystelling van skeningsbelasting (of die oorblywende gedeelte van die vrystelling) aanwend teen die geagte skenking.

Geen aftrekking, verlies, toelaas of kapitale verlies mag geëis word ten opsigte van die vermindering, kwytskelding of ander beskikking van sodanige lening, voorskot of krediet deur die uitlener en sal dus geen belastingvoordeel vir die uitlener hê nie.

## Ander teen vermydingsmaatreëls

Ten einde die misbruik van trusts te bekamp (in skemas van inkomsteverdeling of ander belastingvermyding) is daar teen vermydingsmaatreëls ingestel. Dit is gewoonlik van toepassing waar inkomste toeval aan ander persone as die skenker as gevolg van 'n skenking, betaling of ander afstanddoening van fondse (soos rentevrye lenings). Die bepalings mag van toepassing wees as inkomste toeval aan:

- Die skenker se eggenote
- 'n Minderjarige kind van die skenker
- 'n Trust aan wie die skenking, betaling of ander afstanddoening gemaak is
- Nie-inwoners

Die gevolge van die teen vermydingsmaatreëls is dat die inkomste wat toeval aan die persoon vermeld, geag word toe te val aan die skenker.

## KLEINSAKEKORPORASIES

| Jare geeïndig tussen 1 April 2025 en 31 Maart 2026 | |
|---|---|
| R0 – R95 750 | Nil |
| R95 751 – R365 000 | 7% van bedrag bo R95 750 |
| R365 001 – R550 000 | R18 848 + 21% van bedrag bo R365 000 |
| R550 001 + | R57 698 + 27% van bedrag bo R550 000 |

| Jare geeïndig tussen 1 April 2024 en 31 Maart 2025 | |
|---|---|
| R0 – R95 750 | Nil |
| R95 751 – R365 000 | 7% van bedrag bo R95 750 |
| R365 001 – R550 000 | R18 848 + 21% van bedrag bo R365 000 |
| R550 001 + | R57 698 + 27% van bedrag bo R550 000 |

’n Kleinsakekorporasie is ’n beslote korporasie, ’n maatskappy (uitgesluit ’n persoonlike diensverskaffer), of ’n persoonlike aanspreekliksmaatskappy wat aan die volgende vereistes voldoen:

- totale aandeelhouding of ledebelang word gehou deur natuurlike persone vir die volle jaar van aanslag
- bruto inkomste oorskry nie R20 miljoen gedurende die jaar van aanslag nie
- geen van die lede/aandeelhouers hou aandele in enige ander maatskappy uitgesluit aandele in genoteerde maatskappye, kollektiewe beleggingskemas, ’n beheerliggaam, aandeleblokmaatskappye, vereniging van persone, hulpverenigings, belange van minder as 5% in koöperasies, belange in privaat maatskappye wat dormant is en bates van minder as R5 000 het of maatskappye in likwidasie
- beleggingsinkomste en inkomste uit die lewering van persoonlike dienste oorskry nie 20% van die som van bruto inkomste en kapitaalwins nie
- indien ’n persoonlike diens verrig word kan die entiteit wel kwalifiseer mits dit ten minste drie voltydse nie verbonde werknemers het.

## OMSETBELASTING VIR MIKROBESIGHEDE

Finansiële jaareindes wat eindig op enige datum tussen 1 Maart 2025 en 28 Februarie 2026

| BELASBARE OMSET | BELASTINGKOERSE |
|---|---|
| R0 – R335 000 | 0% van belasbare omset |
| R335 001 – R500 000 | 1% van bedrag meer as R335 000 |
| R500 001 – R750 000 | R1 650 + 2% van bedrag meer as R500 000 |
| R750 001 – R1 000 000 | R6 650 + 3% van bedrag meer as R750 000 |

Finansiële jaareindes wat eindig op enige datum tussen 1 Maart 2024 en 28 Februarie 2025

| BELASBARE OMSET | BELASTINGKOERSE |
|---|---|
| R0 – R335 000 | 0% van belasbare omset |
| R335 001 – R500 000 | 1% van bedrag meer as R335 000 |
| R500 001 – R750 000 | R1 650 + 2% van bedrag meer as R500 000 |
| R750 001 – R1 000 000 | R6 650 + 3% van bedrag meer as R750 000 |

Omsetbelasting vir mikrobesighede is ’n vereenvoudigde omset-baseerde belasting wat inkomstebelasting en kapitaalwinsbelasting vervang. Mikrobesighede mag vrywilliglik vir BTW registreer. Omsetbelasting kan deur ’n belastingpligtige gekies word en is van toepassing op individue, vennootskappe en maatskappye wat aan sekere vereistes voldoen en ’n omset gelyk aan of kleiner as R1 miljoen het.

’n Mikrobesigheid mag slegs vrywilliglik deregistreer uit die omsetbelasting stelsel voor die begin van ’n jaar van aanslag.

## OPENBARE WELDAADSORGANISASIES (OWO)

Om as OWO te kwalifiseer moet 'n entiteit se enigste oogmerk wees om, behoudens sekere bepalings, een of meer openbare weldaadsaktiwiteit sonder winsoogmerk te beoefen.

Voorbeelde van sulke aktiwiteite in die verskillende kategorië is:

- **Welsyn en humanitêr**
- **Gesondheidsorg**
- **Grond en behuising**
- **Onderwys en ontwikkeling**
- **Bewaring, omgewing en dierewelsyn**
- Godsdiens, geloof of filosofie
- Kultureel
- Navorsing en verbruikersregte
- Sport
- Voorsiening van fondse, bydraes of ander hulpbronne
- Ondersteuningsdienste aan ander OWO's
- Aanbied van sekere internasionele gebeurtenisse

**Nota:** Die aktiwiteite in vet letters kwalifiseer vir artikel 18A vrystelling.

Vir meer inligting rakende OWO registrasies raadpleeg die SARS webstuiste: https://www.sars.gov.za/businesses-and-employers/tax-exempt-institutions/application-for-income-tax-exemption/

Skenkings aan OWO's is vrygestel van skenkingsbelasting en 'n aftrekking kan geëis word vir inkomstebelastingdoeleindes mits die skenkings gemaak word aan OWO's wat artikel 18A vrystelling het. Die inkomstebelasting aftrekking is soos volg:

- Maatskappye: Waarde van die skenkings gemaak beperk tot 10% van belasbare inkomste
- Individue: Waarde van die skenkings gemaak beperk tot 10% van belasbare inkomste voor hierdie aftrekking (uitgesluit uittree enkelbedragvoordele ontvang)
- Enige skenking bo die 10% perk mag oorgedra word na volgende jare

## DIVIDENDBELASTING

Dividendbelasting word gehef op aandeelhouersvlak teen 'n koers van 20% op enige dividend betaal deur 'n inwonermaatskappy. Dividendbelasting word egter gehef op maatskappy vlak indien 'n dividend in specie betaal word. Dividendbelasting word deur die maatskappy wat die dividend verklaar teruggehou en oorbetaal en is betaalbaar in die maand wat volg op die maand waarin die dividend betaal is. Die terugbetaling van toegevoegde belastingkapitaal word geag 'n teruggawe van kapitaal te wees en is nie onderhewig aan dividendbelasting nie.

### Dividendbelasting vrystellings

'n Dividend is vrygestel van dividendbelasting indien dit nie 'n dividend in specie is en die houer van die dividend een van die volgende verteenwoordig:

- 'n Suid-Afrikaanse maatskappy
- Die regering en verskeie semi-staat instansies
- Openbare weldaadsorganisasies
- Omgewingsrehabilitasietrusts
- Pensioen-, voorsorg, soortgelyke fondse en mediese skemas
- Die eerste R200 000 se dividend verklaar gedurende 'n betrokke jaar aan aandeelhouers van 'n geregistreerde mikrobesigheid
- 'n Nie-inwoner en die dividend is betaal deur 'n Suid-Afrikaans genoteerde nie-inwoner maatskappy

Indien die dividend 'n dividend in specie verteenwoordig, is die volgende vrystellings van toepassing:

- Dieselfde vrystellings soos vir 'n normale dividend onderworpe daaraan dat die eienaar van die dividend 'n verklaring en skriftelike onderneming indien
- Indien die eienaar van die dividend deel is van dieselfde groep van maatskappye

### Lenings aan verbonde persone

Dividendbelasting sal bereken word teen 20% van die verskil tussen die amptelike rentekoers ten opsigte van die skuld en die bedrag rente betaalbaar ten opsigte van die skuld. Indien die amptelike rentekoers op die skuld nie die werklike rente op die skuld oorskry nie, word die waarde van die geagte dividend geag nul te wees. Die dividendbelasting op 'n lening aan 'n verbonde persoon is 'n *dividend in specie* en is die aanspreeklikheid van die maatskappy en nie die aandeelhouer nie.

## BOERDERY INKOMSTE

Die Eerste Bylae tot die Inkomstebelastingwet reguleer die belasting van boere. Die belangrikste afdelings is soos volg:

### Waardasie van lewende hawe en produkte

Slegs lewende hawe en produkte word teruggetel en nie ander tipes voorrade soos kunsmis brandstof, sade ens. nie. Lewende hawe kan waardeer word teen standaardwaardes terwyl produkte waardeer word teen die laagste van kosprys of markwaarde. Boere kan egter eie standaardwaardes kies, maar mag nie verskil met meer as 20% van die huidige standaardwaardes nie (sodra ’n waarde gekies word, moet dit konsekwent gebruik word).

Die aankoop van lewende hawe, tesame met voorraad daarvan, mag nie die bedrag van verkope oorskry nie. Oorskotbedrae moet oorgedra word na die volgende jaar. Sien www.sars.gov.za vir die standaardwaardes.

### Kapitaalontwikkelingsuitgawes

Die volgende kapitaalontwikkelingskostes mag ten volle afgetrek word van belasbare inkomste: Uitroei van onkruid en die voorkoming van gronderosie.

Items wat beperk is tot belasbare inkomste uit boerdery: dipbakke, damme, besproeiingskemas, boorgate en pompmasjinerie, omheinings, die oprigting van, of uitbreidings, aanbouings of verbeterings aan geboue wat in verband met boerderybedrywighede gebruik word, die aanplanting van bome, struike of meerjarige plante, bou van paaie en brûe vir boerderydoeleindes, die geleiding van elektriese krag van die hooftransmissielyne na die plaas.

### Slytasietoelae

Masjinerie, implemente, werktuie en artikels aangekoop vir boerderydoeleindes kan afgeskryf word op ’n 50:30:20 basis oor drie jaar.

### Gemiddelde belasting (nivellering)

Omdat ’n boer se inkomste fluktueer van jaar tot jaar, kan hy kies om belas te word ingevolge die nivelleringsbeginsel.

## Persone onderworpe aan KWB

KWB is betaalbaar op kapitaalwins wat ontstaan na 1 Oktober 2001 deur die volgende persone:

- Inwoners: Op alle bates insluitende bates oorsee
- Nie-inwoners: Op vaste eiendom of enige reg of belang in eiendom geleë in Suid-Afrika en enige bate van 'n permanente saak waardeur handel bedryf word in Suid-Afrika

**Nota:** Enige reg of belang in 'n eiendom sluit in 'n direkte of indirekte belang van ten minste 20% gehou alleen of saam met 'n verwante persoon in die ekwiteit van 'n maatskappy, waar ten minste 80% van die waarde van die netto bates ten tyde van die verkoop, toeskryfbaar is aan vaste eiendom geleë in Suid-Afrika.

## Uitsluitings

Die volgende word uitgesluit van KWB:

- Primêre wonings met kapitaalwins tot R2 miljoen
- Persoonlike gebruiksbates
- Uittredingsvoordele
- Langtermynversekering
- Kapitaalwins uit kleinsake besigheidsbates tot R1.8 miljoen (van toepassing op persone bo 55 waar die maksimum markwaarde van die kleinsake besigheidsbates nie R10 miljoen oorskrei nie)
- Jaarlikse uitsluiting vir natuurlike persone: R40 000
- Jaarlikse uitsluiting met dood van natuurlike persone: R300 000

## Berekening en insluitingskoerse

'n Kapitaalwins of verlies word apart bereken vir elke bate verkoop. Die winste en verliese word dan saamgevoeg vir die jaar van aanslag en indien dit:

- 'n kapitaalverlies is, word dit oorgedra na die volgende jaar van aanslag, of
- 'n netto kapitaalwins is, word dit vermenigvuldig met die insluitingskoers en ingesluit by belasbare inkomste

Die insluitingskoerse is soos volg:

| PERSOON | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|
| Natuurlike persoon | 40% | 40% | 40% |
| Maatskappy | 80% | 80% | 80% |
| Trust | 80% | 80% | 80% |

## Terughoubelasting – vooruitbetaling KWB

Die koper moet KWB terughou waar bates aangekoop word van 'n nie-inwoner behalwe waar die bedrag betaalbaar deur die koper minder as R2 miljoen is. Die terughoubelasting is nie 'n finale belasting nie en is slegs 'n vooruitbetaling van die verwagte KWB. Die volgende terughoubelastingkoerse is van toepassing en is gebaseer op die opbrengs van die verkoop:

| NIE-INWONER VERKOPER | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|
| Natuurlike persoon | 7.5% | 7.5% | 7.5% |
| Maatskappy | 10% | 10% | 10% |
| Trust | 15% | 15% | 15% |

# TERUGHOUBELASTING – FINAAL

### Tantieme

Belasting van 15% moet teruggehou word wanneer tantieme van 'n Suid-Afrikaanse bron betaal word aan nie-inwoners, onderworpe aan sekere vrystellings.

### Rente

Belasting van 15% moet teruggehou word wanneer rente van 'n Suid-Afrikaanse bron betaal word aan nie-inwoners, onderworpe aan sekere vrystellings.

### Buitelandse vermaaklikheidskunstenaars of sportpersone

Belasting van 15% moet teruggehou word van betalings aan buitelandse vermaaklikheidskunstenaars of sportpersone vir aktiwiteite in Suid-Afrika.

## BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Die BTW stelsel bestaan uit drie tipes lewerings:

- **Standaardkoers lewerings** – lewering van goedere en dienste onderhewig aan die BTW koers van toepassing ten tyde van die lewering. Die huidige BTW koers is 15%.
- **Vrygestelde lewerings** – lewering van sekere goedere en dienste nie onderhewig aan die BTW koers van toepassing ten tyde van lewering. Hierdie ondernemers mag nie inset BTW krediete eis nie
- **Nulkoerslewerings** – Goedere en dienste gelewer teen 'n BTW koers van nul persent. Hierdie ondernemers mag wel inset BTW krediete eis

### Kern-eienskappe van BTW

- Besighede met jaarlikse lewerings van minder as R1 miljoen hoef nie te registreer nie
- Besighede met jaarlikse lewerings van minder as R50 000 word nie toegelaat om vir BTW te registreer nie
- BTW opgawes word normaalweg 2 maandeliks ingedien. Indien die jaarlikse omset R30 miljoen oorskry moet opgawes maandeliks ingedien word
- Ondernemers mag die BTW komponent van kostes eis wat aangegaan word in die verskaffing van standaard of nulkoers lewerings behalwe, onthaal (behalwe aftrekbare bestaanstoelaes), passasiersvoertuie en klub-ledegelde
- Geagte insetbelasting kan geëis word op sekere tweedehandse goedere
- Insetkrediete mag alleen geëis word met ontvangs van 'n geldige belastingfaktuur
- Om te kwalifiseer as 'n geldige belasting faktuur moet die naam, adres en BTW registrasie nommer van die ontvanger en die verskaffer op die belasting faktuur voorkom indien die waarde van die faktuur (BTW ingesluit) R5 000 oorskry
- 'n Deposito is nie onderhewig aan uitset BTW nie tot dat die verskaffer die deposito aanwend as vergoeding vir betaling.

## VERBONDE PERSOON DEFINISIE VIR INKOMSTEBELASTING

| Tipe belastingpligtige | Verbonde persoon met betrekking tot die belastingpligtige |
|---|---|
| Natuurlike persoon | ■ Familielid tot met die derde geslag. Sien diagram vir betekenis van familielid<br>■ 'n trust waarvan die natuurlike persoon of die familielid 'n begunstigde is |
| Trust | ■ enige begunstigde van die trust<br>■ enige verbonde persoon met betrekking tot 'n begunstigde |
| Verbonde persoon met betrekking tot 'n trust | ■ Enige ander persoon wat 'n verbonde persoon is met betrekking tot die trust |
| Lede van 'n vennootskap of buitelandse vennootskap | ■ Enige ander lid<br>■ Enige verbonde persoon met betrekking tot 'n lid van die vennootskap of buitelandse vennootskap, uitgesluit sekere beperkte vennote |
| Maatskappy | ■ Enige ander maatskappy in dieselfde groep van maatskappye, waar 'n groep van maatskappye bestaan uit 'n beherende groep maatskappy wat:<br>◆ direk meer as 50% van die ekwiteitsaandele of stemreg direk besit in ten minste een beheerde groepmaatskappy, en<br>◆ direk of indirek 'n belang van meer as 50% van die ekwiteitsaandele of stemreg in elke beheerde groepmaatskappy hou<br>■ enige persoon (maar met uitsluiting van maatskappye) wat afsonderlik of gesamentlik met daardie persoon se verbonde persone meer as 20% ekwiteitsaandele of stemreg in daardie maatskappy hou<br>■ enige maatskappy wat 20% of meer ekwiteitsaandele of stemreg in 'n maatskappy hou (maar slegs indien geen ander aandeelhouer die meerderheid stemreg in die maatskappy het nie) |

| Tipe belasting-pligtige | Verbonde persoon met betrekking tot die belastingpligtige |
|---|---|
| | ■ enige ander maatskappy indien die maatskappy bestuur of beheer word deur 'n verbonde persoon (of sy verbonde persoon)<br>■ Enige ander maatskappy wat deel uitmaak van dieselfde groep van maatskappye volgens die definisie van 'n "groep van maatskappye" |
| Beslote korporasie | ■ enige lid<br>■ enige familielid van die lid of trust wat 'n verbonde persoon is met betrekking tot 'n lid<br>■ enige ander beslote korporasie wat 'n verbonde persoon is tot een van die lede, of familielid of 'n verbonde persoon is met betrekking tot die trust |

## Illustrasie vir die bepaling van persone wat familielede is binne die derde graad van bloedverwantskap



## KAPITAAL AANSPORINGSTOELAES

| TIPE BATE | VOORWAARDES VIR JAARLIKSE TOELAE | JAARLIKSE TOELAE |
|---|---|---|
| Industriële-geboue | Die koste van geboue of verbeteringe indien die gebou hoofsaaklik gebruik word in 'n proses van vervaardiging of 'n soortgelyke proses | 2%, 5% of 10% afhangend van die datum waarop die koste aangegaan is |
| Kommersiële en residensiële geboue in aangewese stedelike ontwikkeling-sone (geen aftrekking sal toegelaat word indien gebou of gedeelte van gebou deur die belasting-pligtige in gebruik geneem is na 31 Maart 2030) | Restourasie van bestaande geboue (uitgesluit lae-koste residensiële eenhede) | 20% |
| | Oprig van nuwe gebou en uitbreiding van bestaande gebou (uitgesluit lae-koste residensiële eenhede) | 20% in 1ste jaar<br>8% elk daarna vir die volgende 10 jaar |
| | Lae-koste residensiële eenhede: Nuwe eenhede of uitbreidings/toevoegings tot bestaande eenhede waar die belastingpligtige self die koste aangaan | Jaar 1:<br>25% van die koste<br>Jaar 2 – 6:<br>13% van die koste<br>Jaar 7:<br>10% van die koste |
| | Lae-koste residensiële eenhede: Verbeteringe tot bestaande eenhede waar die bestaande struktuur behoue bly en waar die belastingpligtige self die koste aangaan | Jaar 1:<br>25% van die koste<br>Jaar 2 – 4:<br>25% van die koste |
| | Lae-koste residensiële eenhede: Nuwe eenhede of uitbreidings/toevoegings tot bestaande eenhede waar die belastingpligtige koop vanaf 'n ontwikkelaar | Jaar 1:<br>55% × 25% van die koste<br>Jaar 2 – 6:<br>55% × 13% van die koste<br>Jaar 7:<br>55% × 10% van die koste |
| | Lae-koste residensiële eenhede: Verbeteringe tot bestaande eenhede waar die bestaande struktuur behoue bly en waar die belastingpligtige die eenheid koop by 'n ontwikkelaar | Jaar 1:<br>30% × 25% van die koste<br>Jaar 2 – 4:<br>30% × 25% van die koste |
| Hotel Geboue | Koste van oprigting of verbeteringe indien dit geregistreer is as 'n hotel | 5% |
| | Verbeteringe wat nie die buite struktuur van die gebou verander nie | 20% |

| TIPE BATE | VOORWAARDES VIR JAARLIKSE TOELAE | JAARLIKSE TOELAE |
|---|---|---|
| Kommersiële geboue | 'n Nuwe en ongebruikte geboue moet gebou of gekoop word deur die belastingpligtige en gebruik word in die voortbrenging van inkomste. Sluit ook in verbeteringe aangegaan t.o.v. die gebou | 5% van die koste of verbetering |
| | Belastingpligtige koop 'n gedeelte van 'n gebou wat nuut en ongebruik is en wat hoofsaaklik gebruik word in die voortbrenging van inkomste | 55% × 5% van die kostes |
| | Belastingpligtige koop 'n gedeelte van 'n gebou wat verbeter is, die verbeteringe moet ongebruik wees en die gebou moet hoofsaaklik gebruik word in die voortbrenging van inkomste | 30% × 5% van die verbetering |
| Vliegtuie | Moet gebruik word vir handelsdoeleindes | 20% |
| Skepe | Moet gebruik word vir handelsdoeleindes | 20% |
| Aanleg & Masjinerie | Nuwe of ongebruikte vervaardigingsbates sal onderhewig wees aan slytasie toelaag oor vier jaar | 40% in 1ste jaar<br>20% in elke<br>3 daaropvolgende jare |
| Aanleg & Masjinerie | Nuwe of ongebruikte masjinerie in gebruik geneem en gebruik deur die belastingpligtige in direkte vervaardigingsproses. Die belastingpligtige moet kwalifiseer as 'n kleinsakekorporasie | 100% van koste |
| Hernubare energie Masjinerie/ Toerusting | Hernubare energie (sonkrag) bates vir die eerste keer in gebruik geneem tussen 1 Maart 2023 en 28 Februarie 2025 met geen beperking in opwekking | 125% van koste (100% van die koste van bates in gebruik geneem na 28 Februarie 2025) |
| Residensiële wooneenhede – ten minste vyf eenhede moet besit word | Nuwe wooneenhede opgerig (insluitend verbeteringe aangegaan) deur 'n belastingpligtige. Die eenhede moet in Suid-Afrika geleë wees en gebruik word in die beoefening van 'n bedryf | Normale wooneenheid 5%<br>Lae-koste wooneenheid 10%* |
| | Nuwe en ongebruikte wooneenhede verkry. Die eenhede moet in Suid-Afrika geleë wees en gebruik word in die beoefening van 'n bedryf | Normale wooneenheid<br>55% × 5%<br>Lae-koste wooneenheid<br>55% × 10% |
| | 'n Wooneenheid verkry met 'n nuwe en ongebruikte verbetering. Die eenhede moet in Suid-Afrika geleë wees en gebruik word in die beoefening van 'n bedryf | Normale wooneenheid<br>30% × 5%<br>Lae-koste wooneenheid<br>30% × 10% |

*'n Gebou waarvan die koste nie R300 000 oorskry nie of 'n woonstel waarvan die koste nie R350 000 oorskry nie.

Suid-Afrikaanse inwoners word belas op hul wêreldwye inkomste, onderhewig aan sekere uitsluitings.

## Definisie van 'n inwoner

**Natuurlike persoon (sien vloeidiagram hierna)**

- enige natuurlike persoon wat gewoonlik woonagtig is in Suid-Afrika, of
- enige natuurlike persoon, nie gewoonlik woonagtig in Suid-Afrika, wat:
  - fisies teenwoordig is in Suid-Afrika vir meer as 91 dae in totaal gedurende die huidige belastingjaar en elk van die voorafgaande 5 jare asook vir 'n periode van minstens 915 dae in totaal gedurende die voorafgaande 5 jare.
  - Waar 'n persoon vir ten minste 330 dae ononderbroke buite Suid-Afrika teenwoordig was, sal hy geag word 'n nie-inwoner te wees vanaf die dag wat hy Suid-Afrika verlaat het.
  - 'n Suid-Afrikaanse inwoner wat dienste lewer vir 'n werkgewer buite Suid-Afrika vir 'n periode wat 183 dae oorskry gedurende enige 12 maande, en vir 'n periode van 60 dae ononderbroke sodanige dienste gelewer het, is nie aanspreeklik vir belasting op vergoeding verdien terwyl in die buiteland nie. Met ingang 1 Maart 2020 sal hierdie vrystelling beperk word tot R1.25m per jaar.

**Maatskappye en trusts**

'n Maatskappy of trust word geag 'n inwoner van Suid-Afrika te wees indien dit geïnkorporeer, ingelyf, opgerig of sy plek van effektiewe bestuur in Suid-Afrika het.

## Beheerde buitelandse maatskappy (BBM)

'n Beheerde buitelandse maatskappy (BBM) is 'n maatskappy van wie meer as 50% se deelnemingsregte of stemregte direk of indirek uitgeoefen kan word deur Suid-Afrikaanse inwoners. Suid-Afrikaanse inwoners moet alle inkomste van 'n BBM toeskryf in dieselfde verhouding as die deelnemingsregte van die inwoner

in so 'n BBM, onderworpe aan 'n aantal uitsluitings. Die netto inkomste van die BBM word gedefinieer as die BBM se belasbare inkomste soos vasgestel asof die BBM 'n Suid-Afrikaanse belastingpligtige is.

## Buitelandse dividende

Dividende ontvang vanaf buitelandse maatskappye is belasbaar.

Buitelandse dividende is egter vrygestel in die volgende gevalle:

- Dividende ontvang deur 'n inwoner wat ten minste 10% van die ekwiteitsaandele in die buitelandse maatskappy hou
- Die aandeelhouer 'n maatskappy verteenwoordig wat in dieselfde land is as die maatskappy wat die dividend verklaar
- Verklaar deur 'n maatskappy wat op die Suid-Afrikaanse aandelebeurs genoteer is
- Verklaar uit inkomste wat reeds in Suid-Afrika aan belasting onderworpe is ingevolge die BBM bepalings

Indien 'n buitelandse dividend nie vrygestel is ingevolge bogenoemde bepalings nie, word die volgende deel van 'n buitelandse dividend wel vrygestel van belasting:

- Individue en trusts: Onderhewig aan maksimum effektiewe belasting van 20%
- Maatskappye: Onderhewig aan effektiewe belasting van 20%

Geen aftrekking sal toegelaat word vir enige uitgawes aangegaan in die produksie van inkomste in die vorm van buitelandse dividende nie.

## Belastingkrediete

Inwoners mag buitelandse belasting, wat betaalbaar is ten opsigte van buitelandse bron inkomste, aftrek van belasting betaalbaar in Suid-Afrika op hierdie inkomste. Ongebruikte belastingkrediete mag oorgedra word.

Indien belasting in die buiteland teruggehou word op Suid-Afrikaanse bron inkomste kan die belastingpligtige die buitelandse belasting aftrek van inkomste.

Nie-inwoners mag belê in die Republiek op voorwaarde dat gepaste dokumentêre bewyse ontvang word om te verseker dat sulke transaksies gedoen word op armlengte basis, teen markverwante pryse en gefinansier word op 'n goedgekeurde wyse.

## Finansiële bystand verleen in Suid-Afrika

- Emigrante: Finansiële bystand verleen aan emigrante is onderworpe aan 'n 1:1 verhouding.
- Nie-inwoners: Gemagtigde handelaars mag finansiële bystand verleen t.o.v. bona fide buitelandse direkte beleggings in Suid-Afrika sonder beperkings. Waar fondse benodig word vir die verkryging van residensiële eiendom in Suid-Afrika of vir finansiële transaksies sal die 1:1 verhouding van toepassing wees.
- Geaffekteerde persone (m.a.w. entiteite waar nie-inwoners direk of indirek 75% of meer van 'n entiteit besit): Daar is geen beperking op die bedrag van finansiële bystand om 'n direkte buitelandse belegging in Suid-Afrika te finansier of om plaaslike bedryfskapitaal te finansier nie. Vol filiale van nie-inwoners mag plaaslik finansiële bystand verkry gelykstaande aan 100% van die totale aandeelhouersbelegging, t.o.v. die verkryging van residensiële eiendom in Suid-Afrika of vir finansiële transaksies. Indien inwoners 'n belang in 'n geaffekteerde entiteit het, word die 100% norm meer liberaal soos wat plaaslike eienaarskap toeneem, m.a.w. die vermoë om finansiële bystand te verkry neem toe. Dit word baseer op 'n formule.

## Lenings vanaf nie-inwoner aandeelhouers aan inwoners

Aansoek moet gedoen word by die Reserwebank voordat nie-inwoner aandeelhouers lenings aan inwoners toestaan.

## Kapitaaltransaksies

Die opbrengs van die verkoop van bates deur 'n nie-inwoner mag na die buiteland gerepatrieer word. Die opbrengs met verkoop van bates deur emigrante is onderworpe aan die geblokkeerde rekening bepalings.

## Dividende betaal aan nie-inwoners

Dividende verklaar uit inkomste genereer deur maatskappye kan aan nie-inwoners versend word in verhouding tot die persentasie aandeelhouding, onderworpe aan sekere beperkinge. 'n Emigrant aandeelhouer sal geregtig wees op dividende verklaar uit inkomste verdien uit normale besigheids aktiwiteite na datum van emigrasie. Ongenoteerde maatskappye het addisionele vereistes om na te kom in so 'n geval. Dividende verklaar uit kapitaalwinste of uit inkomste verdien uit normale aktiwiteite voor emigrasie bly onderworpe aan die geblokkeerde rekening bepalings.

## Direkteursfooie betaal aan nie-inwoners


Gemagtigde handelaars mag direkteursfooie oordra aan nie-inwoner direkteure wat permanent buite Suid-Afrika woonagtig is, mits die aansoek vergesel word van 'n kopie van die resolusie van die raad van die betalende maatskappy wat die bedrag bevestig wat oorbetaal moet word aan die begunstigde.

## Beëindiging van inwonerskap

Indien 'n persoon ophou om 'n inwoner te wees het dit sekere belastinggevolge. 'n Trust of natuurlike persoon wat ophou om 'n inwoner te wees word geag al hulle bates teen markwaarde te verkoop het onmiddellik voor hulle opgehou het om 'n inwoner te wees.

'n Maatskappy wat ophou om 'n inwoner te wees word ook geag al sy bates teen markwaarde te verkoop het onmiddellik voor hy opgehou het om 'n inwoner te wees. Verder word die maatskappy ook geag om 'n dividend te betaal het op die verskil tussen die markwaarde van die aandele van die maatskappy en die toegevoegde belastingkapitaal van die maatskappy.

# Fisiese teenwoordigheidstoets vir 'n persoon wat nie gewoonlik woonagtig is nie



## Gemiddelde wisselkoerse vir 'n jaar van aanslag

| Jaar van aanslag vir die 12 maande tot einde: | Australiese Dollar | Kanadese Dollar | Euro | Hong Kong Dollar | Indiese Rupee | Japanese Yen | Switzerse Frank | Verenigde Koningkryk Pond | Amerikaanse Dollar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Januarie 2024 | 12.3055 | 13.7805 | 20.1269 | 2.3750 | 0.2248 | 0.1313 | 20.8320 | 23.1926 | 18.5923 |
| Februarie 2024 | 12.3085 | 13.8442 | 20.2372 | 2.3874 | 0.2259 | 0.1306 | 21.0251 | 23.3898 | 18.6846 |
| Maart 2024 | 12.3215 | 13.8921 | 20.3163 | 2.3945 | 0.2263 | 0.1298 | 21.1516 | 23.5408 | 18.7346 |
| April 2024 | 12.3327 | 13.9191 | 20.3433 | 2.4024 | 0.2267 | 0.1286 | 21.1940 | 23.6261 | 18.7927 |
| Mei 2024 | 12.2940 | 13.8671 | 20.2770 | 2.3963 | 0.2258 | 0.1269 | 21.1131 | 23.5833 | 18.7401 |
| Junie 2024 | 12.2659 | 13.8111 | 20.2361 | 2.3933 | 0.2252 | 0.1256 | 21.0954 | 23.5629 | 18.7118 |
| Julie 2024 | 12.2599 | 13.7740 | 20.2099 | 2.3942 | 0.2249 | 0.1245 | 21.0650 | 23.5663 | 18.7176 |
| Augustus 2024 | 12.2467 | 13.7141 | 20.1605 | 2.3872 | 0.2240 | 0.1239 | 21.0379 | 23.5256 | 18.6572 |
| September 2024 | 12.2248 | 13.6312 | 20.1016 | 2.3737 | 0.2225 | 0.1235 | 21.0096 | 23.5028 | 18.5446 |
| Oktober 2024 | 12.1981 | 13.5365 | 20.0206 | 2.3592 | 0.2208 | 0.1227 | 20.9534 | 23.4818 | 18.4203 |
| November 2024 | 12.1715 | 13.4799 | 19.9401 | 2.3533 | 0.2200 | 0.1221 | 20.9188 | 23.4697 | 18.3697 |
| Desember 2024 | 12.0932 | 13.3864 | 19.8317 | 2.3490 | 0.2191 | 0.1212 | 20.8238 | 23.4199 | 18.3287 |

## Buitelandse beleggings

Individue ouer as 18 wie se belastingsake in goeie orde is, en 'n AIT belasting-klaringsertifikaat het, word toegelaat om oorsee te belê. Die huidige limiet is R10 miljoen per persoon per jaar. Aansoeke om beleggings te maak in vaste eiendom (bv. vakansie huise en plase) asook ander beleggings mag oorweeg word bo en behalwe die bostaande kapitaal toelaag.

## Diskresionêre toelae

Natuurlike persone ouer as 18 jaar mag gebruik maak van 'n enkel toelaag in totaal van R1 000 000 per individu per kalenderjaar, indien in besit van 'n normale belastingklaringsertifikaat. Kinders onder 18 is geregtig op R200 000 per jaar. Die diskresionêre toelae kan vir enige wettige doel oorsee aangewend word, insluitende die maak van beleggings.

Die inwoner kan die toelaag na goeddunke aanwend sonder dat enige dokumentêre bewyse aan Gemagtigde Valuta Handelaar voorgelê moet word, behalwe vir reis buite die Gemeenskaplike Monetêre Gebied (eSwatini, Lesotho, Namibië en Suid-Afrika). Indien die toelaag vir reisdoeleindes gebruik word moet 'n reiskaartjie getoon kan word.

## Studietoelae

Direkte studiekoste (d.w.s. onderrig- en akademiese koste) mag direk aan 'n instelling oorgedra word. Indien 'n eggenoot die student vergesel, mag 'n diskresionêre toelaag aan die eggenoot ook toegeken word. Huisware en persoonlike besittings (insluitend juweliersware en uitgesluit motor voertuie) beperk tot R200 000 per student mag uitgevoer word.

## Emigrasie beperkings

**Kapitaaltoelaes (verminder met buitelandse kapitaal toelaag)**

Individu – R10 000 000        Familie – R20 000 000

**Huishoudelike & persoonlike goedere, motorvoertuie, seëls, munte & Krugerrande**

R2 000 000

# BOEDELBELASTING

Die algemene reël is dat as die belastingpligtige 'n inwoner is in die Republiek ten tye van afsterwe, al sy bates (insluitend geagte eiendom), waar dit ook al geleë is, ingesluit sal word by die bruto waarde van sy boedel. Boedelbelasting word gehef teen 20% op die eerste R30m van die belasbare boedel. Boedelbelasting van 25% sal gehef word op die belasbare boedel meer as R30m.

Geagte eiendom sluit in lewensversekering van die oorledene, 'n eis ingevolge die Wet op Huwelikgoedere asook eiendom wat die oorledene bevoeg was om van die hand te sit net voor sy dood.

**Die belangrikste aftrekkings is:**

- Skuld betaalbaar op die datum van afsterwe
- Erflatings aan verskeie liefdadigheidsorganisasies
- Die bemakings aan 'n oorlewende eggenoot

'n R3.5 miljoen boedelbelasting korting word toegestaan. Die deel van die korting wat nie benut is nie mag oorgerol word na die oorlewende eggenoot se boedel. 'n Egpaar kan dus R7 miljoen aftrekking vir boedelbelasting verkry met afsterwe.

Daar is boedelbelasting verligting in die geval waar dieselfde eiendom ingesluit is in die boedels van belastingpligtiges wat sterf binne 10 jaar van mekaar. Die aftrekking word bereken op 'n glyskaal wat varieer van 100 % waar die belastingpligtiges sterf binne 2 jaar van mekaar en 20 % waar die belastingpligtiges sterf binne 8 tot 10 jaar van mekaar.

## Eksekuteursvergoeding

Eksekuteurs is geregtig op die volgende vergoeding:

- Vaste vergoeding soos beding deur die afgestorwene ingevolge sy/haar testament, of
- 3.5% van die bruto bates
- 6% van inkomste toegeval en ingevorder vanaf datum van dood

Eksekuteursvergoeding is onderworpe aan BTW indien die eksekuteur as BTW ondernemer geregistreer is.

## SKENKINGSBELASTING

Skenkingsbelasting is betaalbaar deur enige Suid-Afrikaanse inwoner op die waarde van enige gratis afstanddoening van eiendom (insluitende die afstanddoening van eiendom vir ontoereikende vergoeding en die afgee van regte). Skenkingsbelasting is nie van toepassing op nie-inwoners al skenk hulle Suid-Afrikaanse bates.

### Basiese vrystellings

- Skenkings tussen gades
- Skenkings aan liefdadigheids-, en opvoedkundige instansies en sekere openbare liggame in die Republiek van Suid-Afrika (beperk tot sekere drempels)
- Skenkings deur natuurlike persone, wat nie meer as R100 000 per jaar beloop nie
- Die skenk van bates buite die Republiek onderhewig aan sekere maatreëls
- Skenkings deur maatskappye wat nie beskou word as publieke maatskappye nie, tot R10 000 per jaar
- Skenkings waar ontvanger daarvan nie voordeel sal hê tot datum van dood nie
- Skenkings gemaak deur maatskappye wat geag word publieke maatskappye te wees vir belastingdoeleindes
- Skenkings gekanselleer binne ses maande na die effektiewe datum
- Eiendom wat vestig uit 'n trust
- Skenkings gemaak tussen maatskappye in dieselfde groep
- Redelike bona fide bydraes wat vir die onderhoud van enige persoon gemaak word

### Koerse

Skenkingsbelasting is betaalbaar aan die einde van die maand wat volg op die maand waarin die skenking gemaak teen 'n tarief van 20% op die eerste R30m van die markwaarde van die skenking. Skenkingsbelasting van 25% sal gehef word op die markwaarde van die skenking meer as R30m. Slegs skenkings vanaf 1 Maart 2018 sal in ag geneem word in die R30m drempel.

## KRYPTO BATES

’n Krypto bate word geag as ’n finansiële instrument vir Inkomstebelasting doeleiendes en nie as ’n geldeenheid nie. Winste en verliese met die verhandeling van krypto bates sal dus as normale inkomste belas word indien die bedoeling was om te spekuleer en alternatiewelik kan die wins of verlies as kapitaal van aard beskou word indien die bedoeling van die belegger was om dit langtermyn te hou as ’n kapitale belegging.

Vir BTW doeleindes word die verhandeling van krypto bates beskou as ’n vrygestelde lewering.

## KOOLSTOFBELASTING

Koolstofbelasting het in werking getree op 1 Junie 2019. Die belasting word in fases geimplimenteer met in agneming van SA se NDC onderneming om groenhuisgasse se uitlating te verminder. Die eerste fase is vanaf 1 Junie 2019 tot 31 Desember 2025, en die tweede fase sal vanaf 2026 tot 2030 wees. Dit sal verseker dat SA se NDC ondernemenings in terms van die Parys Ooreenkoms nagekom word.

Die fase implimentering van koolstofbelasting, met ’n aanvanklike relatiewe lae effektiewe belastingkoers wat oor tyd sal verhoog, sal ’n sterk sein vir beide vervaardigers en verbruikers stuur om hul gedrag oor die medium tot langtermyn te verander en om ’n sistematiese oorskakeling na ’n lae koolstof ekonomie aan te moedig by wyse van nuwe besigheidsgeleenthede en die stimulasie van innoverende besigheidsmodelle.

Die implimentering van koolstofbelasting sal saamloop met ’n pakket van belastinginsentiewe en inkomste herwinning maatreëls om die impak van die eerste fase te minimaliseer (tot die jaar 2025).


## OMHEINING VAN VERLIESE

Verliese deur natuurlike persone vanaf bedrywe kan omhein word en kan moontlik nie verrekenbaar wees teen ander inkomste. Hierdie beperking geld indien:

- Die persoon teen die maksimum belastingkoers belasting betaal (voor inagneming van enige huidige jaar of aangeslane verlies)
- Die persoon verliese gely het in ten minste drie van die voorafgaande vyf jare of moes handel gedryf het in enige van die volgende bedrywe:
  - Enige sport bedryf deur die persoon of verwante persoon
  - Enige handel in versamelstukke deur die persoon of verwante persoon
  - Die verhuur van residensiële eiendom, tensy ten minste 80% van die akkommodasie gebruik word deur persone wat nie verwant is aan die persoon nie vir ten minste helfte van die jaar van aanslag
  - Die verhuur van voertuie, vliegtuie of bote soos gedefinieer in die Agtste bylae, tensy ten minste 80% van die voertuie, vliegtuie of bote gebruik is deur nie verwante persone vir ten minste helfte van die jaar van aanslag nie
  - Diereskoue deur die persoon of verwante persoon
  - Boerdery of stoetery, tensy die persoon boerdery, stoetery of soortgelyke bedryf beoefen op 'n voltydse basis
  - Enige vorm van beeldende of uitvoerende kunste deur die persoon of verwante persoon beoefen
  - Enige vorm van dobbelary of weddery beoefen deur die persoon of verwante persoon
  - Die verkryging of beskikking van krypto bates

Hierdie bepalings geld nie in geval 'n verlies gely word deur 'n persoon vir die jaar van aanslag uit 'n bedryf wat 'n redelike kans het op 'n belasbare inkomste (uitgesluit kapitaalwins) binne 'n redelike periode. Waar die verliese plaasvind vir ten minste ses jaar van die voorafgaande tien jaar, sal die toegewing nie geld nie uitgesluit boerderye.

# Vloeikaart vir die toepassing van die omheiningsbepalings



## Handelsbeperking

Indien die betaling vir 'n handelsbeperking belasbaar is in die hande van die individu, arbeidsmakelaar of persoonlike diensverskaffers wat dit ontvang is dit aftrekbaar deur die betaler oor 3 jaar indien die periode van die beperking minder is as 3 jaar, of oor die periode indien die beperking vir langer is.

## Rente

Rente aangegaan in die voortbrenging van inkomste as deel van die beoefening van 'n bedryf, kan vanaf inkomste afgetrek word. Rente aangegaan in die voortbrenging van vrygestelde inkomste sal nie vir 'n aftrekking kwalifiseer nie.

Beleggingsaktiwiteite word nie as 'n bedryf beskou nie, en rente aangegaan as deel van die beleggingsaktiwiteite sal nie aftrekbaar wees nie.

## Voorbedryfsonkostes

Uitgawes wat normaalweg aftrekbaar is van inkomste en wat in werklikheid aangegaan is voor die besigheid begin handel dryf, kan afgetrek word in die jaar wat die inkomste verdien word. Die aftrekking is beperk tot inkomste verdien uit die bedryf en mag nie afgesit word teen inkomste verdien uit 'n ander bedryf nie.

## Navorsing en ontwikkeling

Wetenskaplike en tegnologiese navorsing en ontwikkelingskostes mag kwalifiseer vir 'n 150% aftrekking t.o.v. lopende kostes aangegaan.

Daar is egter sekere vereistes wat nagekom moet word insluitend dat die Department van Wetenskap en Innovasie die aftrekking moet goedgekeur. Goedgekeurde belastingpligtiges sal vir die aftrekking kwalifiseer van die datum ses maande voor die aansoek ingedien is.

## DIVERSE BELASTING

### Belasting op oordrag van sekuriteite

Hierdie belasting word gehef teen ’n koers van 0.25% op die oordrag van genoteerde of ongenoteerde sekuriteite. Geen belasting is betaalbaar op die aanvanklike uitreik van sekuriteite nie.

Sekuriteite word gedefineer as aandele in maatskappye en ledebelange in beslote korporasies.

### Vaardigheidsontwikkelingsheffing

’n Vaardigheidsontwikkelingsheffing is betaalbaar deur werkgewers teen ’n tarief van 1% op totale besoldiging betaal aan werknemers. Werkgewers wat egter besoldiging van minder as R500 000 per jaar betaal is vrygestel van hierdie heffing.

### Werkloosheidsversekeringsheffing

Werkloosheidsversekeringsheffing is maandeliks betaalbaar deur werkgewers op die basis van ’n bydrae van 1% deur die werkgewer en 1% deur die werknemer. Die persentasie bydrae word baseer op die werknemer se besoldiging en word beperk tot ’n maksimum besoldiging van R17 712 per maand. (R14 872 voor 1 Junie 2021)

Werkgewers wat nie vir werknemersbelasting en vaardigheidsontwikkelingsheffing geregistreer is nie, moet hierdie bydraes maak aan die Werkloosheidsversekering Kommissaris.

## INDIENSNAME BELASTINGAANSPORING

Die indiensname belastingaansporing is ingestel om werkskepping vir die jeug (m.a.w. werknemers tussen die ouderdomme van 18 en 29 jaar) aan te moedig. Die aansporing verval 28 Februarie 2029.

Werkgewers wat kwalifiseer vir die indiensname belastingaansporing verkry die voordeel deur die werknemersbelasting vir die maand te verminder.

Om te kwalifiseer vir die aansporing moet die volgende vereistes nagekom word:

- Die belastingpligtige/werkgewer moet vir werknemersbelasting registreer wees
- Die loon betaalbaar aan 'n werknemer mag nie minder wees as die minimum loon vir die bedryf nie en indien daar nie 'n minimum loon beskikbaar is nie, mag die loon nie minder as R2 500 per maand wees indien die werknemer vir meer as 160 uur werk (indien 'n werknemers minder as 160 uur werk (en besolding is ten opsigte van die ure) moet die R2 500 proporsioneel verminder word)
- 'n Werknemer is 'n kwalifiserende werknemer indien die persoon:
  - nie 'n onafhanklike kontrakteur is nie
  - nie jonger as 18 jaar en nie ouer as 29 jaar is aan die einde van die maand waarin die aansporing geeis word nie
  - nie aangestel is deur die werkgewer voor 1 Oktober 2013 nie
  - in besit is van 'n identiteits dokument of 'n permit vir asiel aansoek
  - nie 'n verbonde persoon met betrekking tot die werkgewer is nie
  - nie 'n huishulp is nie
  - werklike dienste in terme van 'n skriftelike dienskontrak verrig
  - nie hoofsaaklik studeer nie
  - nie meer as R7 500 (R6 500 voor 1 April 2025) per maand verdien nie

Die Minister van Finansies het spesiale ekonomiese sones of industrie spesifiseer wat kwalifiseer vir hierdie belastingaansporing.

Vanaf 1 April 2025 word die bedrag van die belastingaansporing ten opsigte van 'n kwalifiserende werknemer word as volg vasgestel:

- Maandeliks vir die eerste 12 maande, 60% van die maandelikse vergoeding van die werknemer indien die werknemer se vergoeding minder as R2 500 is, R1 500 indien die werknemer se vergoeding R2 500 of meer is maar minder as R5 500 is en ingevolge 'n formule indien die vergoeding R5 500 of meer is maar minder as R7 500 is.
- Maandeliks vir die 12 maande wat volg op die eerste 12 maande, 30% van die maandelikse vergoeding van die werknemer indien die werknemer se vergoeding minder as R2 500 is, R750 indien die werknemer se vergoeding R2 500 of meer is maar minder as R5 500 is en ingevolge 'n formule indien die vergoeding R5 500 of meer is maar minder as R7 500 is.

## LEERLINGOOREENKOMS TOELAES

Werkgewers is geregtig op 'n jaarlikse- en voltooiingstoelaag van R40 000 ten opsigte van NQF vlakke 1 tot 6 leerlingooreenkomste en R20 000 vir NQF vlakke 7 tot 10 leerlingooreenkomste. Die aftrekking vir gestremde leerders is R60 000 of R50 000 vir beide die jaarlikse- en voltooiingstoelaes. Waar 'n leerlingooreenkoms beëindig word voor 'n periode van 12 volle maande, sal die werkgewer geregtig wees op 'n pro-rata gedeelte van die jaarlikse toelaag, ongeag die rede vir die beëindiging van die leerlingooreenkoms. Die voltooiingstoelaag vir leerlingooreenkomste van 24 maande of meer word bereken deur die aantal jare van die ooreenkoms × die bostaande jaarlikse toelaag.

## HEREREGTE OP VASTE EIENDOM

- Word bereken op die waarde van vaste eiendom
- Is betaalbaar binne 6 maande nadat die transaksie aangegaan is
- Vrystellings is van toepassing bv. indien die verkoper geregistreer is vir BTW
- Indien 'n BTW ondernemer eiendom aankoop van 'n nie-ondernemer, word die BTW eis bereken deur die belasting fraksie (15/115) te vermenigvuldig met die kleinste van die koopprys of markwaarde
- Die koopprys van 'n aandeel of belang in 'n maatskappy of beslote korporasie of gevestigde reg in 'n trust, is aan hereregte onderworpe, indien dit 'n residensiële eiendomsentiteit verteenwoordig (m.a.w. waarvan meer as 50% van sy bates bestaan uit residensiële eiendom)
- Die aankoper is aanspreeklik vir die hereregte

| **Hereregte vanaf 1 April 2025 word soos volg bereken:** | |
|---|---|
| R1 – R1 210 000 | 0% |
| R1 210 001 – R1 663 800 | 3% op die waarde bo R1 210 000 |
| R1 663 801 – R2 329 300 | R13 614 plus 6% op die waarde bo R1 663 800 |
| R2 329 301 – R2 994 800 | R53 544 plus 8% op die waarde bo R2 329 300 |
| R2 994 801 – R13 310 000 | R106 784 plus 11% op die waarde bo R2 994 800 |
| R13 310 001 + | R1 241 456 + 13% op die waarde bo R13 310 000 |

## Inkomstebelastingopgawes

| | Individu | Maatskappy | Trust |
|---|---|---|---|
| Indien van belastingopgawes per hand: | September | N.v.t. | September |
| Nie-voorlopige belastingpligtiges per e-Filing: | Oktober | N.v.t. | Oktober |
| Voorlopige belastingpligtiges per e-Filing: | Januarie | 12 maande na jaareinde | Januarie |

## Voorlopige belasting

| | Individu | Maatskappy | Trust |
|---|---|---|---|
| Eerste voorlopige belasting | Augustus | 6 maande na jaareinde | Augustus |
| Tweede voorlopige belasting | Februarie | 12 maande na jaareinde | Februarie |
| Derde voorlopige belasting | September | ▪ 6 maande na jaareinde indien jaareinde nie Februarie is nie<br>▪ 7 maande na jaareinde indien jaareinde Februarie is | September |

## Belasting op toegevoegde waarde

| | Individu | Maatskappy | Trust |
|---|---|---|---|
| Per hand | Voor of op die 25ste van die maand wat volg op die BTW periode | Voor of op die 25ste van die maand wat volg op die BTW periode | Voor of op die 25ste van die maand wat volg op die BTW periode |
| Indiening en betaling per e-Filing | Voor of op die einde van die maand wat volg op die BTW periode | Voor of op die einde van die maand wat volg op die BTW periode | Voor of op die einde van die maand wat volg op die BTW periode |

## Werknemersbelastingopgawes

| | Individu | Maatskappy | Trust |
|---|---|---|---|
| Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie Verklaring (EMP501) en Werknemer Inkomstebelasting sertifikate [IRP5/IT3(a)] | Mei | Mei | Mei |
| Interim/Halfjaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie Verklaring (EMP501) en Werknemer Inkomstebelasting sertifikate [IRP5/IT3(a)] | Oktober | Oktober | Oktober |
| Maandelikse verklaring (EMP201) | Voor of op die 7de van die maand wat volg op die salaris maand | Voor of op die 7de van die maand wat volg op die salaris maand | Voor of op die 7de van die maand wat volg op die salaris maand |

# IRP 5 KODES

**Normale inkomste kodes**

3601 Inkomste (belasbaar) bv.salarisse en lone (belasbaar), oortyd (belasbaar)
3602 Inkomste (vrygestel) bv.pensioen betalings (vrygestel), skeidingstoekennings (vrygestel)
3603 Pensioen betalings (belasbaar)
3605 Jaarlikse betaling (belasbaar) bv. jaarlikse bonus, aansporingsbonus ens.
3606 Kommissie (belasbaar)
3607 Oortyd (belasbaar)
3608 Skeidingstoekenning (belasbaar)
3610 UAF annuiteit (belasbaar)
3611 Gekoopte annuiteit (belasbaar)
3613 Handelsbeperking (belasbaar)
3614 Ander aftrede enkelbedrae (belasbaar)
3616 Onafhanklike kontrakteurs (belasbaar)
3617 Arbeidsmakelaars (LBS/IB)
3618 Annuiteit vanaf Voorsorg/Voorsorgbewaringsfonds
3619 Arbeidsmakelaars met 'n Vrystellingsertifikaat (IB)
3620 Direkteursfooie – inwoner Nie-Uitvoerende Direkteur/Ouditkomitee Lid
3621 Direkteursfooie – Nie-inwoner Nie-Uitvoerende Direkteur
3622 Langdiens kontanttoekenning – volle waarde (voor die uitsluiting van enige bedrag)

**Toelaagkodes**

3701 Reistoelaag (belasbaar)
3702 Vergoedende reistoelaag (belasbaar: slegs bedrag tot die mate wat voorgeskrewe limiet/km nie oorskry is nie)
3703 Vergoedende reistoelaag (vrygestel)
3704 Bestaanstoelaag – Binnelandse reise (belasbaar)
3707 Aandeleopsies uitgeoefen (belasbaar)
3708 Openbare amp toelaag (belasbaar)
3713 Ander Toelaes (belasbaar) bv. Onthaaltoelaag (belasbaar), Gereedskapstoelaag (belasbaar), Rekenaartoelaag (belasbaar), Telefoon-/Selfoontoelaag (belasbaar)
3714 Ander Toelae (vrygestel) bv. Bestaanstoelaag – Binnelandse reise (vrygestel) Uniformtoelaag (vrygestel), Bestaanstoelaag – Buitelandse reise (vrygestel), Herplasingstoelaag (vrygestel)
3715 Bestaanstoelaag – Buitelandse reise (belasbaar)
3717 Uitgebreide werknemersaandeleplan (belasbaar)
3718 Vestiging van ekwiteitsinstrumente (belasbaar)
3719 Dividende nie vrygestel i.t.v. par (dd) van die voorbehoud tot a10(1)(k)(i)
3720 Dividende nie vrygestel i.t.v. par (ii) van die voorbehoud tot a10(1)(k)(i) dividende
3721 Dividende nie vrygestel i.t.v. par (jj) van die voorbehoud tot a10(1)(k)(i) dividende
3722 Vergoedende Reistoelaag (belasbaar: slegs bedrag tot die mate wat voorgeskrewe limiet/km oorskry is)
3723 Dividende nie vrygestel i.t.v. par (kk) van die voorbehoud to a 10(1)(k)(i)

**Byvoordeelkodes**

3801 Algemene Byvoordele (belasbaar) bv. Reg van Gebruik van Bate uitgesluit motorvoertuig (belasbaar), Verkryging van bate teen minder as markwaarde (belasbaar), Maaltye, Verversings en Maaltyd- en Verversingsbewysstukke (belasbaar), Lae Rente of Rentevrye Lenings of Leningsubsidies (belasbaar)
3802 Reg van gebruik van motorvoertuig (belasbaar)
3805 Akkommodasie (belasbaar) bv. gratis of goedkoop residensiele of vakansie huisvesting (belasbaar)
3806 Dienste (belasbaar) bv. Gratis of goedkoop dienste (belasbaar)
3808 Werknemers skuld (belasbaar)
3809 Beurse (belasbaar) – Basiese Opvoeding
3810 Mediesefondsbydraes (belasbaar)
3813 Mediesedienste koste (belasbaar)
3815 Beurse (nie-belasbaar) – Basiese Opvoeding
3816 Reg van gebruik van motorvoertuig verkry deur werkgewer via bedryfshuur (belasbaar)
3817 Belasbare voordeel t.o.v. Pensioenfonds Werkgewerbydraes
3820 Belasbare studiebeurse – verdere onderwys
3821 Nie-belasbare studiebeurse – verdere onderwys
3822 Nie belasbare Verkryging van Onroerende Eiendom
3825 Belasbare Voordeel t.o.v. Voorsorgfonds Werkgewerbydraes
3828 Belasbare Voordeel t.o.v. Uittredingsannuiteitfonds Werkgewerbydraes
3829 Belasbare Studiebeurse vir 'n gestremde persoon – Basiese Onderwys
3830 Nie-belasbare Studiebeurse vir 'n gestremde persoon – Basiese Onderwys
3831 Belasbare Studiebeurse vir 'n gestremde persoon – Hoër Onderwys
3832 Nie-belasbare Studiebeurse vir 'n gestremde persoon – Hoër Onderwys

3833 Voordeel Bedingingsraad Werkgewerbydrae (belasbaar)
3834 Nie-belasbare Voordeel - Lening om Onroerende Residensiële Eiendom te koop
3835 Langdiens Toekenning – volle bedrag, kwalifiseer vir R5 000 vrystelling

Belangrik: Vir buitelandse inkomste, voeg 50 by waarde van normale inkomste-, toelae-, byvoordele- en enkelbedragkodes, bv. 3606 sal 3656 wees, behalwe 3908, 3909, 3915, 3920, 3921, 3922, 3923 en 3924.

**Enkelbedragkodes**

3901 Gratifikasie/Skeidingsvoordele (belasbaar)
3906 Spesiale vergoeding (belasbaar) bv. protospanne
3907 Ander Enkelbedrae (belasbaar) bv. teruggedateerde salarisse voor huidige belastingjaar, enkelbedragbetalings vanaf nie-goedgekeurdefondse, Gratifikasie betaal aan werknemers a.g.v. normale beindiging van diens, Versekeringspolisse besit deur werkgewers (risiko polisse) waarvan die opbrengs nie vrygestel is ingevolge artikel 10(1)(gG)(i) van die Inkomstebelasting Wet nie
3908 Vrygestelde opbrengs uit versekeringspolisse besit deur die werkgewer (vrygestel)
3915 Aftrede/onvrywillige beeindiging van diens enkelbedragvoordele/Omsetting van annuiteite (belasbaar)
3920 Enkelbedrag ontrekkings voordele (belasbaar)
3921 Lewensannuïteite en artikel 15C van die Pensioenfonds Wet, surplustoekennings (belasbaar)
3922 Vergoeding i.g. afsterwe gedurende diens (Uitg/PAYE)
3924 Oordrag met aftrede: na normale aftree-ouderdom bereik is maar voor aftreedatum.
3926 Spaar Onttrekkingsvoordeel (belasbaar) - Onttrekking uit die Spaar Komponent van 'n Aftreefonds

**Bruto inkomste kodes**

3696 Bruto nie-belasbare inkomste
3699 Bruto Belasbare Indiensnemings inkomste

**Werknemersbelasting aftrekking- en redekodes**

4102 LBS
4115 Belasting op Aftrede enkelbedragvoordele en skeidingspakkette
4116 Mediesfondsbydrae belastingkrediet in ag geneem deur werkgewer vir LBS doeleindes
4118 Indiensname Belastingaansporing
4120 Addisionele mediese uitgawe krediet toegelaat vir werknemers ouer as 65
4141 WVF-bydraes
4142 SDL-bydraes
4149 Totale Belasting, SDL en WVF (uitgesluit die waarde van 4116 mediesefondsbydrae belastingkrediet in berekening gebring deur die werkgewer vir LBS doeleindes)
4150 02 – Verdien Minder as Belastingdrempel
03 – Onafhanklike kontrakteur of Nie-Uitvoerende Direkteur
04 – Nie-belasbarevergoeding (ingesluit nul-aanwysings)
05 – Vrygestelde buitelandse vergoeding
06 – Direkteursvergoeding – Inkomste bepaal in volgende belastingjaar
07 – Arbeidsmakelaar met geldige IRP30
08 – Geen belasting teruggehou as gevolg van mediesefondsbydrae belasting krediet toegestaan
09 – Par 11A(5) Vierde Bylae notifikasie – Geen terughouding moontlik

**Aftrekkingskodes**

4001 Lopende pensioenfondsbydraes
4003 Lopende voorsorgfondsbydraes, Agterstallige voorsorgfondsbydraes
4005 Mediesefondsbydraes
4006 Lopende uittreeannuïteitsfondsbydraes
4024 Mediesedienstekoste geag betaal vir onmiddelike familie
4030 Donasies afgetrek en namens werknemer betaal aan Goedgekeurde Organisasies
4055 Covid-19 Solidariteitsfonds Skenkings
4472 Werkgewer Pensioenfondsbydraes
4473 Werkgewer Voorsorgfondsbydraes
4474 Werkgewer se Mediesefondsbydraes namens werknemers nie ingesluit in kode 4493 nie
4475 Werkgewer Uittredingannuiteitbydraes
4493 Werkgewer se mediesefondsbydraes t.o.v. afgetrede werknemers
4497 Totale aftrekkings/bydraes
4582 Gedeelte van reistoelaag en motor byvoordeel ingesluit by besoldiging (spesifieke kodes ingesluit)
4583 Besoldiging gedeelte van buitelandse reistoelaag. motor byvoordeel en vergoedende reistoelaag
4584 Werkgewer Bedingingsraad bydraes
4585 Werkgewer pensioenfondsbydrae afgetrede werknemers kwalifiseer vir "geen waarde" byvoordeel
4586 Werkgewer voorsorgfondsbydrae afgetrede werknemers kwalifiseer vir “geen waarde” byvoordeel
4587 Artikel 10(1)(o)(ii) vrystelling in ag geneem deur werkgewer vir LBS

## BOETES: ADMINISTRATIEWE NIE-NAKOMING

Administratiewe nie-nakomingsboetes verteenwoordig boetes vir die versuim om behoorlik rekords te hou, versuim om rapporteerbare reelings te rapporteer, nie-nakoming van 'n versoek vir inligting, obstruksie van SARS beamptes en die versuim om belastingverpligtinge na te kom. Die volgende nie-nakomingsboetes kan gehef word:

- Vastebedragboetes (hierdie boete word maandeliks gehef en word bereken vanaf een maand na die boete aanslag)
- Persentasiegebaseerde boetes
- Onderstellingsboetes

### Vastebedragboetes

Vastebedragboetes kan gehef word deur SARS vir nie-nakoming van enige verpligting wat deur of kragtens 'n Belastingwet opgelê word, byvoorbeeld:

- Indien 'n belastingpligtige nie registreer vir belasting soos vereis nie
- Indien SARS nie ingelig word van veranderinge in geregistreerde besonderhede nie
- Versuim om opgawes in te dien
- Indien versuim word om rekords te bewaar soos verlang deur SARS

Vastebedragboetes word nie gehef indien persentasiegebaseerde boetes of onderstellingsboetes gehef word nie. Vastebedragboetes word gehef ingevolge die volgende tabel:

| Vasgestelde verlies of belasbare inkomste vir 'voorafgaande jaar' | Maandelikse boete |
|---|---|
| Vasgestelde verlies | R250 |
| R0 – R250 000 | R250 |
| R250 001 – R500 000 | R500 |
| R500 001 – R1 000 000 | R1 000 |
| R1 000 001 – R5 000 000 | R2 000 |
| R5 000 001 – R10 000 000 | R4 000 |
| R10 000 001 – R50 000 000 | R8 000 |
| R50 000 000 + | R16 000 |

## Persentasiegebaseerde boetes

Persentasiegebaseerde boetes word gehef indien SARS van mening is dat die belastingpligtige nie belasting betaal het soos vereis deur die belastingwet nie. Hierdie belasting is gelykstaande aan 'n persentasie van die belasting wat nie betaal is nie. Die volgende persentasiegebaseerde boetes kom voor:

| Tipe belasting | Persentasie van boete |
|---|---|
| Inkomstebelasting | 10% in sekere omstandighede (bv. artikel 35A) |
| Voorlopige belasting | ■ 10% indien voorlopige belasting nie betaal of laat betaal word<br>■ 20% indien 'n voorlopige belasting raming onderstateer is. (die nie-indiening van die opgawe word geag 'n opgawe te wees met 'n skatting van R nul) |
| Werkgewers en werknemers-belasting | ■ 10% indien opgawe nie ingedien is nie<br>■ 10% indien werknemersbelasting en/of WVF bydraes nie betaal is nie<br>■ 10% indien byvoordele nie op die werknemersbelasting sertifikate aangetoon word nie |
| BTW | 10% indien BTW laat betaal word |

## Onderstellingsboetes

Die onderstellingsboete word gehef ingevolge 'n persentasie soos uiteengesit in onderstaande tabel en word gehef op die bedrag waarmee belasting onderstateer is (ingesluit 'n indiensname belastingaansporing). Dit is van toepassing op alle belastings en kan gehef word indien daar 'n versuim of nalatigheid met indien van 'n opgawe is, 'n weglating in 'n opgawe is, 'n verkeerde stelling in 'n opgawe gemaak word en, indien geen opgawe vereis word nie, die versuim om die korrekte belasting te betaal.

Uitgesluit van die onderskattings boetes is boetes vooruitspruitend van 'n "bona fide onopsetlike fout".


Die volgende definisies is van toepassing op die onderstellingsboete tabel:

- **Wesenlike onderstelling** beteken 'n geval waar die benadeling van SARS of die fiskus vyf persent van die bedrag van 'belasting' behoorlik hefbaar of terugbetaalbaar ingevolge 'n Belastingwet vir die tersaaklike belastingtydperk, of R1 000 000, welke ook al die grootste is, oorskry
- **Herhalende geval** beteken 'n tweede of verdere geval van enige van die optredes gelys in die onderstellingsboete tabel binne vyf jaar vanaf die vorige geval

- **Redelike sorg nie aan die dag gelê** beteken dat van ’n belastingpligtige verwag word om die nodige graad van sorg aan die dag te lê wanneer sy of haar belastingverpligtinge nagekom word soos van ’n gewone, redelike persoon in die omstandighede verwag kan word
- **Geen redelike gronde vir belastingposisie** sal voorkom indien die belastingpligtige nie in ’n redelik argumenteerbare posisie is nie. ’n Belastingpligtige se interpretasie van die toepaslike wetgewing is redelik argumenteerbaar indien, met verwysing na die relevante gesag, byvoorbeeld die inkomstebelasting wetgewing, ’n hofbeslissing, of ’n algemene voorafbelastingbeslissing, ’n gevolgtrekking gemaak kan word dat die belastingpligtige se argument wel substansie het
- **Ontoelaatbare belastingvermydingsreëling** is ’n reëling soos gedefinieer in die Algemene Teenvermydingsreëls in die Inkomstebelastingwet
- **Growwe nalatigheid** beteken om iets te doen of nie te doen op ’n manier wat ’n totale of hoë vlak verontagsaming van die gevolge suggereer of inisieer. Growwe nalatigheid sluit in roekeloosheid maar dit vereis nie ’n element van intensie om ’n belastingverpligting te oortreë nie
- **Opsetlike belastingontduiking** verteenwoordig ’n moedswillige optrede waar ’n persoon se handelinge dui op die verontagsaming van ’n regsverpligting waarvan hy/sy bewus is

| Gedrag | Standaard geval | Indien belemmerend of ’n herhalende geval is | Vrywillige blootlegging na kennisgewing van oudit | Vrywillige blootlegging voor kennisgewing van oudit |
|---|---|---|---|---|
| Wesenlike onderstelling | 10% | 20% | 5% | 0% |
| Redelike sorg nie aan die dag gelê met voltooiing van opgawe nie | 25% | 50% | 15% | 0% |
| Geen redelike gronde vir ‘belastingposisie’ geneem | 50% | 75% | 25% | 0% |
| Ontoelaatbare vermydingsreëling | 75% | 100% | 35% | 0% |
| Growwe nalatigheid | 100% | 125% | 50% | 5% |
| Opsetlike belasting-ontduiking | 150% | 200% | 75% | 10% |

## DISPUUT RESOLUSIE (ADR)




**Nota:** dae = besigheidsdae

# BEWARING VAN REKORDS

| DOKUMENT | RETENSIEPERIODE |
|---|---|
| **Maatskappyewet** | |
| ■ Enige dokument, rekening, boeke, geskrewe inligting, rekords of ander inligting wat 'n maatskappy moet bewaar in terme van die Maatskappywet en ander openbare regulasies. | 7 jaar of langer (soos gespesifiseer in ander openbare regulasies) |
| ■ Registrasiesertifikaat<br>■ Akte van Oprigting en wysigings daarop<br>■ Reëls<br>■ Register van sekuriteite (gesertifiseer of ongesertifiseer)<br>■ Register van maatskappysekretaris en ouditeure | Onbeperk |
| ■ Kennisgewing en notules van alle aandeelhouersvergaderings insluitende: Besluite aangeneem en dokumente beskikbaar gestel aan houers van sekuriteite<br>■ Kopieë van verslae voorgelê op algemene jaarvergaderings van die maatskappy<br>■ Kopieë van finansiële jaarstate soos voorgeskryf deur die Maatskappywet<br>■ Kopieë van rekeningkundige rekords soos voorgeskryf deur die Maatskappywet<br>■ Rekord van direkteure en gewese direkteure<br>■ Geskrewe kommunikasie met houers van sekuriteite<br>■ Notules en besluite van direksievergaderings, ouditkomitees en direkteurskomiteevergaderings | 7 jaar |

| DOKUMENT | RETENSIEPERIODE |
|---|---|
| **Wet op Beslote Korporasies** | |
| ■ Rekeningkundige rekords, insluitende ondersteunende skedules tot die rekeningkundige rekords en aanverwante rekeningkundige rekords<br>■ Finansiële jaarstate met aantekeninge insluitende die verslag van die rekeningkundige beampte | 15 jaar |
| ■ Stigtingsverklaring (Vorm CK1)<br>■ Gewysigde stigtingsverklaring (vorms CK2 en CK2A)<br>■ Mikrofilm van enige oorspronklike rekord gereproduseer deur die "camera master"<br>■ Notuleboeke sowel as besluite geneem by vergaderings | Onbeperk |
| **Wet op Inkomstebelasting en BTW** | |
| ■ Die werkgewer moet ten opsigte van elke werknemer 'n rekord hou wat toon: vergoeding betaal en verskuldig aan werknemers; die werknemersbelasting afgetrek en teruggehou; die inkomstebelastingverwysingsnommer van die werknemer; enige verdere voorgeskrewe inligting en die EMP501 rekonsiliasies<br>■ Die volgende invoer rekords van goedere en dokumentasie: Toelatingsdokumente ('Bill of entry') of enige ander dokument voorgeskryf deur Doeane en Aksyns en bewys dat BTW betaal is aan SARS<br>■ Handelaars wat vir BTW geregistreer is, is verplig om die volgende rekords te hou: rekords van alle goedere en dienste, die koers van toepassing op lewerings aan verskaffers of hulle agente, fakture, belastingfakture, kredietnotas, debietnotas, bankstate, depositostrokies, voorraadlyste en gewisselde tjeks<br>■ Dokumentêre bewys om die nulkoers van lewerings te ondersteun | 5 jaar van die datum van indiening van die opgawe |

**Nota:** Die rekords, boeke en dokumente moet gehou word in hul oorspronklike vorm in 'n veilige plek, of elektroniese formaat soos voorgeskryf deur die Kommissaris of in 'n formaat goedgekeur deur 'n senior SARS beampte.

# SLYTASIETOELAES

Die volgende tydperke van waardeverminderingsafskrywings word toegelaat deur SARS ingevolge Interpretasienota 47:

| Item | Tydperk van afskrywing (aantal jare) | Item | Tydperk van afskrywing (aantal jare) |
|---|---|---|---|
| Aanloopbaanligte | 5 | Handboeke | 3 |
| Afkondigingstelsels | 5 | Hengelvaartuie | 12 |
| Afleweringsvoertuie | 4 | Hittedroërs | 6 |
| Baalpersers | 6 | Hofverslae | 5 |
| Bandspelers | 5 | Hyserinstallasies | |
| Batterylaaiers | 5 | (goedere/passasiers) | 12 |
| Betonmenger (verplaasbaar) | 4 | Kantoortoerusting – elektronies | 3 |
| Betonmengervragmotor | 3 | Kantoortoerusting – meganies | 5 |
| Bioskooptoerusting | 5 | Kasregisters | 5 |
| Bokkrane | 6 | Kitswasserytoerusting | 5 |
| Boogsweistoerusting | 6 | Klopwerk/paneelwerk- en vlok-/ | |
| Boortoerusting (water) | 5 | skilfergereedskap | 4 |
| Bore | 6 | Koeldrankuitmeters | 6 |
| Brandblussers (los eenhede) | 5 | Kombuistoerusting | 6 |
| Brandkluise (draagbaar) | 25 | Kommunikasiestelsels | 5 |
| Brandverklikstelsels | 3 | Kompressors | 4 |
| Breimajiene | 6 | Korrelmeule | 4 |
| Broeikaste | 6 | Kosbakke | 4 |
| Diktafone | 3 | Kraggereedskap (handbediening) | 5 |
| Draadleidingstange | 1 | Kragopwekkers (draagbaar) | 5 |
| Draaibanke | 6 | Kragopwekkers (bystand) | 15 |
| Elektriese sae | 6 | Kragtoevoertoestelle | 5 |
| Elektrostatiese kopieerders | 6 | Kunsmisstrooiers | 6 |
| Faksmasjiene | 3 | Kunswerke (artefakte) | 25 |
| Fotografiese toerusting | 6 | Laaiborde | 4 |
| Fotokopieertoerusting | 5 | Laaigrawe | 4 |
| Freesmasjiene | 6 | Laboratoriumnavorsingstoerusting | 5 |
| Grassnytoerusting | 6 | Lugversorgers: | |
| Gasverhitters en kooktoestelle | 6 | Beweegbaar | 5 |
| Geïnstalleerde matte | 6 | – Kamereenheid | 10 |
| Gemotoriseerde betonmengers | 3 | Vensterraamtipe | 6 |
| Gemotoriseerde grassnyers | 5 | Lugversorgingsbates (uitsluitend pype | |
| Gemotoriseerde kettingsae | 4 | leiding en luggate): | |
| Gimnasiumtoerusting: | | Koeltorings | 15 |
| Ander | 10 | Kondenseerstelsel | 15 |
| Gesondsheidstoets-toerusing | 5 | Lughanteertoestelle | 20 |
| Gewigte-en-kragtoerusting | 4 | Mediese teatertoerusting | 6 |
| Kardiovaskulêre toerusting | 2 | Meubels en toebehore | 6 |
| Spintoerusting | 1 | Mobiele hyskrane | 4 |
| Gordyne | 5 | Mobiele karavane | 5 |
| Graafmasjiene | 4 | Mobiele verkoelingseenhede | 4 |
| Graveertoerusting | 5 | Motorafdakke | 5 |
| Guillotines | 6 | Motors | 4 |
| Haarkapperstoerusting | 5 | Motorfietse | 4 |

| Item | Tydperk van afskrywing (aantal jare) | Item | Tydperk van afskrywing (aantal jare) |
|---|---|---|---|
| Muntoutomate (insluitend video-speletjietoestelle) | 6 | Sleepwaens | 5 |
| Musiekinstrumente | 5 | Slypmasjiene | 6 |
| Naaimasjiene | 6 | Sonenergie-eenhede | 5 |
| Navigasiestelsels | 10 | Spesiale patrone en werktuie | 2 |
| Neonreklame en advertensieborde | 10 | Stoomketels | 4 |
| Oesmasjiene | 6 | Stootskrapers | 3 |
| Ontbassingstoerusting | 4 | Stryktoerusting | 6 |
| Oonde en verhittingstoerusting | 6 | Stutenke | 4 |
| Oonde vir verhitting van kos | 6 | Suurstofkonsentrators | 3 |
| Opmeters: | | Tandheelkundige en geneeskundige toerusting | 5 |
| Instrumente | 10 | Telefoontoerusting | 5 |
| Terreintoerusting | 5 | Televisie- en advertensiefilms | 4 |
| Optelmasjiene | 6 | Televisiestelle, videomasjiene en dekodeerders | 6 |
| Padskrapers | 4 | Tikmasjiene | 6 |
| Pakhuisrakwerk | 10 | Tjekskryfmasjiene | 6 |
| Passasiersvoertuie | 5 | Trapfietse | 4 |
| Patrone, werktuie en stempels | 3 | Trekkers | 4 |
| Perforeertoerusting | 6 | Trollies | 3 |
| Personeelopleidingstoerusting | 5 | Tuimeldroërs | 6 |
| Plesierjagte, ensovoorts | 12 | Tuinbesproeiingstoerusting (roerend) | 5 |
| Ploeë | 6 | Verhittingstoerusting | 6 |
| Pompe | 4 | Verkoelde melktenkwa | 4 |
| Puntsweistoerusting | 6 | Verkoelers: | |
| Radarstelsels | 5 | Absorpsie-tipe | 25 |
| Radiokommunikasietoerusting | 5 | Sentrifugaal | 20 |
| Rat-armskaafmasjiene | 6 | Verkoelingstoerusting | 6 |
| Ratkaste | 4 | Verpakking-en verbandhoudende toerusting | 4 |
| Rekenaars: | | Verwyderbare afskortings | 6 |
| Hoofraam | 5 | Videokassette | 2 |
| Persoonlike rekenaar | 3 | Vliegtuig: Ligte passasiers of kommersiële helikopters | 4 |
| Rekenaarsagteware (hoofraam) | | Voedselvervoerstelsels | 4 |
| Aangekoop | 3 | Vraghouers | 10 |
| Selfontwikkeld | 5 | Vragmotorgemonteerde krane | 4 |
| Rekenaar tablette en soortgelyke toestelle | 2 | Vragmotors (swaardiens) | 3 |
| Rekenaarsagteware (persoonlike rekenaar) | 2 | Vragmotors (ander) | 4 |
| Resiesperde | 4 | Vurkhysers | 4 |
| Roltrappe | 20 | Vuurwapens | 6 |
| Ruspergraafmasjiene | 4 | Wasmasjiene | 5 |
| Saadverdelers | 6 | Waterdistillering- en -suiweringstoerusting | 12 |
| Sekuriteitstelsel (verwyderbaar) | 5 | Watertenks | 6 |
| Sellulêre telefone | 2 | Watertenkwaens | 4 |
| Sellulêre telefoonantennas | 6 | Weegbrûe (bewegende dele) | 10 |
| Sellulêre telefoonantennamaste | 10 | Werkswinkeltoerusting | 5 |
| Skale | 5 | Winkeltoebehore | 6 |
| Skawe | 6 | X-straaltoerusting | 5 |
| Skilderye (waardevol) | 25 | Yskaste | 6 |
| Skutgeute | 4 | | |
| Skuurmasjiene | 6 | | |

Bates verkry met 'n koste van minder as R7 000 mag ten volle afgeskryf word in die jaar van verkryging.

## RENTEKOERSE

| EFFEKTIEWE DATUM | | KOERS |
|---|---|---|
| **Laat of onderbetaling van belasting** | | |
| 1 Maart | 2023 | 10.50% |
| 1 Mei | 2023 | 10.75% |
| 1 Julie | 2023 | 11.25% |
| 1 September | 2023 | 11.75% |
| 1 Januarie | 2025 | 11.50% |
| 1 Maart | 2025 | 11.25% |
| **Byvoordele – amptelike rentekoerse** | | |
| 1 Oktober | 2022 | 7.25% |
| 1 Desember | 2022 | 8.00% |
| 1 Februarie | 2023 | 8.25% |
| 1 April | 2023 | 8.75% |
| 1 Junie | 2023 | 9.25% |
| 1 Oktober | 2024 | 9.00% |
| 1 Desember | 2024 | 8.75% |
| 1 Februarie | 2025 | 8.50% |
| **Oorbetaling van belasting** | | |
| 1 Maart | 2023 | 6.50% |
| 1 Mei | 2023 | 6.75% |
| 1 Julie | 2023 | 7.25% |
| 1 September | 2023 | 7.75% |
| 1 Januarie | 2025 | 7.50% |
| 1 Maart | 2025 | 7.25% |
| **Prima oortrekkingskoers** | | |
| 26 Januarie | 2023 | 10.75% |
| 30 Maart | 2023 | 11.25% |
| 25 Mei | 2023 | 11.75% |
| 19 September | 2024 | 11.50% |
| 21 November | 2024 | 11.25% |
| 30 Januarie | 2025 | 11.00% |

## NOTAS

**BELANGRIK**

Die inligting in hierdie gids is 'n opsomming van die huidige wetgewing en begrotingsvoorstelle soos voorgestel deur die Minister van Finansies op 21 Mei 2025. Ons stel voor dat u nie alleenlik op grond van die inligting in hierdie gids besluite neem nie. Die inligting hierin is van 'n algemene aard en kan in sekere gevalle onderhewig wees aan wanvertolking. Die belastingkoerse aangekondig in die Begrotingsrede is onderhewig aan goedkeuring deur die Parlement binne 12 maande. Die begrotingsvoorstelle mag dalk nie al die wetgewing wat in die nabye toekoms gepromulgeer gaan word, in ag neem nie. Gevolglik stel ons voor dat u ons raadpleeg alvorens u besluite neem gebaseer op die nuwe belastingvoorstelle. Alles moontlik word gedoen om hierdie gids so akkuraat moontlik saam te stel, maar geen verantwoordelikheid van enige aard word aanvaar vir onjuisthede, foute of weglatings nie.

## DIENSTE BESKIKBAAR

Besigheids- en Bestuursadviesdienste
Rekeningkundige Dienste
Ouditdienste
Oorsigdienste
Belastingdienste
Salaris administratiewe dienste
Sekretariële- en Regsadviesdienste
Internasionale Verwysings
Korporatiewe Fidusiêre Dienste
Boedelbeplanning en Trustbestuur
Familie Opvolgingsbeplanning

Sentio Audit

gmni